   Die Direkteur-generaal, Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde, Dr Lateganweg 1, Groenkloof, Privaatsak X191, Pretoria 0001
2. **The Regional Manager, SABS, Liesbeek Park Way, Rosebank 7700**
   Die Streekbestuurder, SABS, Liesbeekparkweg, Rosebank 7700
3. **The Regional Manager, SABS, 30 Kipling Road, cor Diaz and Kipling Road, Port Elizabeth, PO Box 3013, North End 6056**
   Die Streekbestuurder, SABS, Kiplingweg 30, h/v Diaz- en Kiplingweg, Port Elizabeth, Posbus 3013, Noordeinde 6056
4. **The Regional Manager, SABS, 15 Garth Road, Waterval Park, Durban, PO Box 30087, Mayville 4058**
   Die Streekbestuurder, SABS, Garthweg 15, Watervalpark, Durban, Posbus 30087, Mayville 4058
5. **The Officer in Charge, SABS, 9 Planck Street, PO Box 1797, Windhoek**
   Die Verantwoordelike Beampte, SABS, Planckstraat 9, Posbus 1797, Windhoek
6. **The Officer in Charge, SABS, Sanlam Building, 71 Maitland Street, PO Box 132, Bloemfontein 9300**
   Die Verantwoordelike Beampte, SABS, Sanlamgebou, Maitlandstraat 71, Posbus 132, Bloemfontein 9300

No. 154 **1 February 1985**

STANDARDS ACT, 1982
WITHDRAWAL OF STANDARD SPECIFICATONS

Notice is given in terms of Sect. 15(2) of the Standards Act, 1982 (Act No. 30 of 1982) that the Council of the South African Bureau of Standards has withdrawn the undermentioned standard specification with effect from 7 November 1984.

No. 154 **1 Februarie 1985**

WET OP STANDAARDE, 1982
INTREKKING VAN STANDAARDSPESIFIKASIES

Ingevolge art. 15(2) van die Wet op Standaarde, 1982 (Wet No. 30 van 1982) word bekendgemaak dat die Raad van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde die ondergenoemde standaardspesifikasie vanaf 7 November 1984 ingetrek het.

Specification No. and year / Spesifikasieno. en jaar	Title / Titel
919-1970	*Woven carpeting./Geweefde tapytstof.*

No. 155 **1 February 1985**

STANDARDS ACT, 1982
PERMIT TARIFFS

In terms of the regulations published by Government Notice R1411 of 13 July 1984, the Council of the South African Bureau of Standards with the approval of the Deputy Minister of Finance and of Trade and Industry, acting on behalf of the Minister of Trade and Industry, has determined the following rates in respect of permits to apply a standardization mark on the basis of any standard specification mentioned.

No. 155 **1 Februarie 1985**

WET OP STANDAARDE, 1982
PERMITTARIEWE

Ingevolge die regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing R1411 van 13 Julie 1984, het die Raad van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde met die goedkeuring van die Adjunk-minister van Finansies en van Handel en Nywerheid, handelende namens die Minister van Handel en Nywerheid die volgende tariewe ten opsigte van permitte om 'n standaardmerk op grond van enige vermelde standaardspesifikasie aan te bring, vasgestel.

Specification No. and year/ Spesifikasieno. en jaar	Title Titel	Unit Eenheid	Tariff per unit Tarief per eenheid
304-1970	*Threads for footwear/Skoeiselgaring*	5 000 kg	R75,00 for the 1st to 15th unit/vir die 1ste tot 15de eenheid; R65,00 for the 16th to 30th unit/vir die 16de tot 30ste eenheid; R55,00 for the 31st to 45th unit/vir die 31ste tot 45ste eenheid; R30,00 thereafter/daarna.
870-1967	*A borax-sodium pentachlorophenate mixture for anti-sapstain treatment of timber/'n Boraks-natriumpentachloorfenaat-mengsel vir behandeling teen spintvlek in hout*	1 t	R10,00
1213-1984	*Mechanical cable glands/Meganiese kabeldrukstukke* a) Glands for armoured cable, without inner or outer seal or shroud, without earthing bond or tag/Drukstukke vir pantser-kabel, sonder binne- of buiteseëls of mantels en sonder aar-dingsdeurverbinders of ore		
	1) Sizes/Groottes 0; 1; 2	1	R0,004
	2) Sizes/Groottes 3; 4	1	R0,02
	3) Sizes/Groottes 5; 6	1	R0,05
	4) Sizes over/Groottes oor 6	1	R0,08
	b) Glands for armoured cable, with one or more of the following: Inner seal, outer seal or shroud or earthing bond/ Drukstukke vir pantserkabel, met een of meer van die volgende: binneseël of buiteseël of mantel of aardingsdeurverbinder		
	1) Sizes/Groottes 0; 1; 2	1	R0,007
	2) Sizes/Groottes 3; 4	1	R0,031
	3) Sizes/Groottes 5; 6	1	R0,06
	4) Sizes over/Groottes oor 6	1	R0,11
	c) Glands for type 'e' and dust-ignition-proof enclosures, for armoured cable/Drukstukke vir tipe 'e'- en stofontvlamdigte omhulsels vir pantserkabel		
	1) Sizes/Groottes 0; 1; 2	1	R0,018
	2) Sizes/Groottes 3; 4	1	R0,06
	3) Sizes/Groottes 5; 6	1	R0,12
	4) Sizes over/Groottes oor 6	1	R0,21
	d) Glands for unarmoured cable/Drukstukke vir ongepantserde kabel		
	1) Sizes/Groottes 0; 1; 2	1	R0,007
	2) Sizes/Groottes 3; 4	1	R0,031
	3) Sizes/Groottes 5; 6	1	R0,06
	4) Sizes over/Groottes oor 6	1	R0,11
	e) Glands for type 'e' and dust-ignition-proof enclosures for unarmoured cable/Drukstukke vir tipe 'e'- en stofontvlamdigte omhulsels vir ongepantserde kabel		
	1) Sizes/Groottes 0; 1; 2	1	R0,012
	2) Sizes/Groottes 3; 4	1	R0,041
	3) Sizes/Groottes 5; 6	1	R0,088
	4) Sizes over/Groottes oor 6	1	R0,14

No. 156 **1 February 1985**

STANDARDS ACT, 1982
AMENDED PERMIT TARIFFS

In terms of the regulations published by Government Notice R1411 of 13 July 1984, the Council of the South African Bureau of Standards with the approval of the Deputy Minister of Finance and of Trade and Industry, acting on behalf of the Minister of Trade and Industry, has with effect from 1 January 1985 determined the following rates in respect of permits to apply a standardization mark on the basis of any standard specification mentioned.

No. 156 **1 Februarie 1985**

WET OP STANDAARDE, 1982
GEWYSIGDE PERMITTARIEWE

Ingevolge die regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing R1411 van 13 Julie 1984, het die Raad van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde met die goedkeuring van die Adjunk-minister van Finansies en van Handel en Nywerheid, handelende namens die Minister van Handel en Nywerheid, die volgende tariewe met ingang van 1 Januarie 1985 ten opsigte van permitte om 'n standaardmerk op grond van enige vermelde standaardspesifikasie aan te bring, vasgestel.

Specification No. and year / Spesifikasieno. en jaar	Title Titel	Unit Eenheid	Tariff per unit Tarief per eenheid
207-1949	*Canned beef and pork sausages/Ingemaakte bees- en varkworsies*	1 000 kg	
208-1949	*Canned pork and beef sausages/Ingemaakte vark- en beesworsies*	1 000 kg	
209-1949	*Canned pork sausages and canned Chipolata cocktail sausages/ Ingemaakte varkworsies en ingemaakte Chipolata-skemerpartyworsies*	1 000 kg	
210-1949	*Canned beef sausages/Ingemaakte beesworsies*	1 000 kg	
211-1949	*Canned Vienna sausages (Canned Frankfurter sausages)/Ingemaakte Weense worsies (Ingemaakte Frankfortse worsies)*	1 000 kg	
212-1949	*Canned Vienna style sausages (Canned Frankfurter style sausages/ Ingemaakte Weense-tipe worsies (Ingemaakte Frankfortse-tipe worsies)*	1 000 kg	
213-1949	*Canned pork luncheon roll/Ingemaakte varkrol*	1 000 kg	
214-1949	*Canned pork and beef luncheon roll/Ingemaakte vark- en beesrol*	1 000 kg	R14,00 for the 1st to 1 000th unit/vir die 1ste tot 1 000ste eenheid;
215-1949	*Canned beef and pork luncheon roll/Ingemaakte bees- en varkrol*	1 000 kg	
216-1949	*Canned ham roll/Ingemaakte hamrol*	1 000 kg	R12,15 for the 1 001st to 3 000th unit/vir die 1 001ste tot 3 000ste eenheid;
217-1949	*Canned ham and beef roll/Ingemaakte ham- en beesrol*	1 000 kg	R9,50 thereafter/daarna
218-1949	*Canned liver roll/Ingemaakte lewerrol*	1 000 kg	Existing tariff/Bestaande tarief:
252-1950	*Canned edible lard and edible lard in cartons/Ingemaakte eetbare reusel en eetbare reusel in kartonhouers*	1 000 kg	R13,20 for the 1st to 1 000th unit/vir die 1ste tot 1 000ste eenheid;
263-1950	*Canned beans and sausage in tomato sauce/Ingemaakte boontjies en wors in tamatiesous*	1 000 kg	R11,75 for the 1 001st to 3 000th unit/vir die 1 001ste tot 3 000ste eenheid;
273-1950	*Canned tongue/Ingemaakte tong*	1 000 kg	R9,00 thereafter/daarna
274-1950	*Canned corned beef and canned corned beef with cereal/Ingemaakte soutbeesvleis en ingemaakte soutbeesvleis met graan*	1 000 kg	
275-1950	*Canned poultry/Ingemaakte pluimvee*	1 000 kg	
290-1951	*Canned ham/Ingemaakte ham*	1 000 kg	
291-1951	*Canned sliced bacon (cooked)/Ingemaakte dun gesnyde spek (gekook)*	1 000 kg	
729-1963	*Canned stewed meat products/Ingemaakte gestoofde vleisprodukte*	1 000 kg	
471-1971	*Portland cement (ordinary, rapid-hardening and sulphate-resisting/ Portlandsement (gewone, snelverhardende en sulfaatwerende)*	10 000 t	R250,00*
626-1971	*Portland blastfurnace cement/Portlandhoogoondsement*	10 000 t	R250,00*
831-1971	*Portland cement 15 and rapid-hardening portland cement 15/Portlandsement 15 en snelportlandsement 15*	10 000 t	R250,00*
			Existing tariff for:/Bestaande tarief vir: SABS 471; 626 and/en 831; R94,60 for the 1st to 30th unit/ vir die 1ste tot 30ste eenheid; R40,70 thereafter/daarna (Unit/Eenheid = 1 000 t)
543-1973	*Fire hose reels (with hose)/Brandslangtolle (met slang)*	500	R400,00 for the 1st unit/vir die 1st eenheid R245,00 thereafter/daarna*
			Existing tariff/Bestaande tarief: R308,00 for the 1st unit/vir die 1ste eenheid R147,84 thereafter/daarna (Unit/Eenheid = 500)

*These tariffs replace the tariffs published in Notice 828 of 1984 (Government Gazette 9516 of 1984-11-30)/Hierdie tariewe vervang die tariewe wat in Kennisgewing 828 van 1984 gepubliseer is (Staatskoerant 9516 van 1984-11-30).

No. 188 **1 February 1985**

STANDARDS ACT, 1982

AMENDMENT OF COMPULSORY SPECIFICATION FOR FROZEN ROCK LOBSTER PRODUCTS

Notice is given in terms of section 16 (3) of the Standards Act, 1982 (Act 33 of 1982) that the Deputy Minister of Finance and of Trade and Industry, acting on behalf of the Minister of Trade and Industry, intends to withdraw the compulsory specification for frozen rock lobster products published by Government Notice 3964 of 19 December 1969 and to substitute therefor the amended compulsory specification contained in the Schedule.

The purport of this step is to extend the scope of the current compulsory specification with regard to variety of products and to improve certain technological aspects in the specification.

Any person who wishes to object to the proposed amendment shall submit his objection in writing to the Director General, South African Bureau of Standards, Private Bag X191, Pretoria, 0001, within two months from the date of publication of this notice.

Note: This notice replaces Government Notice 14 of 9 January 1981.

SCHEDULE

COMPULSORY SPECIFICATION FOR FROZEN LOBSTER AND FROZEN LOBSTER PRODUCTS

1. SCOPE.

1.1 This specification covers the manufacture, production, processing or treatment of frozen lobster tails, frozen whole lobster (cooked or raw) or any other frozen lobster product derived from lobsters of the families Palinuridae and Scyllaridae, and of the family Nephrosidae (genera *Homarus* and *Nephrops*).

2. DEFINITIONS.

2.1 For the purposes of this specification the following definitions shall apply:

Acceptable: Acceptable to the authority administering this specification.

Clean area worker: A worker who operates in the reception, processing, production or product and ingredient storage areas of the factory.

Dirty area worker: A worker who operates in an area which cannot be maintained in a completely hygienic condition.

Factory: Any premises on which the product is prepared or processed or both. This definition includes plants for tail-breaking, chilling and storage, and to the extent to which the requirements of this specification can be applied, factory ships on which lobsters are prepared and processed.

Frozen lobster for catering purposes (catering packs): The article of food obtained by freezing lobsters or lobster tails, any of which may be damaged or broken or both but all of which are in every way fit for human consumption.

Frozen lobster tails: The article of food for human consumption obtained by freezing lobster tails.

Frozen whole cooked lobster: The article of food for human consumption obtained by freezing whole cooked lobster.

Frozen whole raw lobster: The article of food for human consumption obtained by freezing whole raw lobster.

Immediate container: The container is which the wrapped product is packed.

No. 188 **1 Februarie 1985**

WET OP STANDAARDE, 1982

WYSIGING VAN VERPLIGTE SPESIFIKASIE VIR BEVRORE KREEFPRODUKTE

Kragtens artikel 16 (3) van die Wet op Standaarde, 1982 (Wet 33 van 1982), word bekendgemaak dat die Adjunkminister van Finansies en van Handel en Nywerheid, handelende namens die Minister van Handel en Nywerheid, van voorneme is om die verpligte spesifikasie vir bevrore kreefprodukte gepubliseer by Goewermentskennisgewing 3964 van 19 Desember 1969, in te trek en deur die gewysigde verpligte spesifikasie in die Bylae vervat te vervang.

Die strekking hiervan is dat die bestek van die bestaande verpligte spesifikasie uitgebrei word met betrekking tot produkverskeidenheid en dat bepaalde tegnologiese aspekte in die spesifikasie verbeter word.

Enige persoon wat teen die voorgestelde wysiging beswaar wil maak, moet sy skriftelike beswaar binne twee maande na publikasie van hierdie kennisgewing indien by die Direkteur-generaal, Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde, Privaatsak X191, Pretoria 0001.

Opmerking: Hierdie kennisgewing vervang Goewermentskennisgewing 14 van 9 Januarie 1981.

BYLAE

VERPLIGTE SPESIFIKASIE VIR BEVRORE KREEF EN BEVRORE KREEFPRODUKTE

1. BESTEK.

1.1 Hierdie spesifikasie dek die vervaardiging, produksie, verwerking of behandeling van bevrore kreefsterte, bevrore heelkreef (gekook of rou) of enige ander bevrore kreefproduk van krewe van die familie Palinuridae en Scyllaridae en van die familie Nephrosidae (genus *Homarus* en *Nephrops*).

2. WOORDBEPALING.

2.1 Die volgende woordbepalings geld vir die doel van hierdie spesifikasie:

Aanneemlik: Aanneemlik vir die owerheid wat hierdie spesifikasie toepas.

Bevrore gekookte heelkreef: Die voedsel wat vir menslike verbruik verkry word deur gekookte heelkreef te bevries.

Bevrore kreef vir spysenieringsdoeleindes (spyseniering-spakke): Die voedsel wat verkry word deur krewe of kreefsterte te bevries, waarvan enige stuk beskadig of gebreek kan wees, of albei, maar wat in elke opsig vir menslike verbruik geskik is.

Bevrore kreefsterte: Die voedsel wat vir menslike verbruik verkry word deur kreefsterte te bevries.

Bevrore of rou heelkreef: Die voedsel wat vir menslike verbruik verkry word deur rou heelkreef te bevries.

Fabriek: Enige perseel waar die produk voorberei of verwerk word, of albei. Hierdie woordbepaling sluit in aanlê vir die uitbreek van sterte, verskilling en bewaring, sowel as, in die mate waarin die vereiste van hierdie spesifikasie toegepas kan word, fabriekskepe waarop krewe voorberei en verwerk word.

Gesnipperde kreef: Kreefvleis waarvan die oorspronklike spierstruktuur verbreek is tydens die proses van die uithaal van die vleis uit die dop.

Master container: The container in which the immediate containers are packed.

Frozen lobster tails: The article of food for human consumption obtained by freezing lobster tails.

Frozen whole cooked lobster: The article of food for human consumption obtained by freezing whole cooked lobster.

Frozen whole raw lobster: The article of food for human consumption obtained by freezing whole raw lobster.

Immediate container: The container in which the wrapped product is packed.

Master container: The container in which the immediate containers are packed.

Product: Whole lobster (ccoked or raw) or lobster tails or other lobster product, in the course of preparation for freezing, in the course of being frozen or after having been frozen, as indicated by the context.

Purge: To hold live lobster in clean, running sea water for at least three days in order to clean (empty) the intestine.

Shredded lobster: Lobster flesh of which the original muscle structure was broken up during the process of recovery of the flesh from the shell.

Soft-shelled lobster: Lobster in the early post-moult stage, as evidenced by the presence of a soft new shell (exoskeleton) after the shedding of the old, and in which—

(a) the gill-covering region of the carapace (branchiostegite) is still soft (uncalcified) and may be easily torn or more or less permanently depressed on physical handling, and

(b) the flesh is high in water content to the extent that it does not possess the characteristic springiness of lobster flesh when in sound condition, and turns mushy or crumbly when cooked.

3. GENERAL REQUIREMENTS FOR THE FACTORY AND EMPLOYEES.

3.1 GENERAL REQUIREMENTS FOR THE FACTORY.

3.1.1 *General:* The requirements of the Machinery and Occupational Safety Act (Act 6 of 1983), and the Health Act, 1977 (Act 63 of 1977), shall be complied with. In addition, the factory, equipment, freezing and cold storage facilities, and the water used in the preparation of the product shall comply with the requirements given in 3.1.2–3.1.7.

3.1.2 *Construction of and conditions in the factory.*

3.1.2.1 The roof shall be weatherproof and made of non-absorbent material. The factory shall be kept free of birds, rodents, insects and other vermin.

Ceilings, where present, shall be—

(a) at least 300 mm above any overhead equipment, and in no case less than 3,0 m from the floor;

(b) faced with an impermeable material, and so constructed and finished as to minimize condensation, mould development, flaking and the lodgement of dirt; and

(c) dustproof and light in colour, and shall have on the underside a smooth surface capable of being cleaned without damage.

3.1.2.2 Cables and pipes shall, where possible, be—

(a) fixed above ceilings where present;

(b) chased into walls; or

(c) carried under floors.

Cable connections to machines and overhead pipes which cannot be fixed above the ceiling shall be carried on tubular brackets suspended from the ceiling, and shall

Meesterhouer: Die houer waarin die onmiddellike houers verpak word.

Onmiddellike houer: Die houer waarin die toegedraaide produk verpak word.

Produk: Heelkreef (gekook of rou) of kreefsterte of ander kreefproduk wat vir die bevriesing voorberei word, wat bevries word of wat bevries is, soos uit die verband blyk.

Purgeer: Om lewende kreef vir minstens drie dae in skoon, lopende seewater te hou sodat die dermkanaal gereinig (geledig) kan word.

Sagtedopkreef: Kreef in die vroeë nadopverwisselingstadium, soos aangedui deur die aanwesigheid van 'n sagte nuwe dop (huidskelet) nadat die oue afgewerp is, waartydens—

(a) die kieubedekkende deel van die karapaks (die brangiostegiet) nog sag (onverkalk) is en by fisiese hantering maklik geskeur en min of meer permanent ingedruk kan word, en

(b) die vleis 'n hoë watergehalte het in dié mate dat dit nie oor die kenmerkende veerkrag beskik van kreefvleis wanneer dit in 'n goeie toestand is nie en papperig of krummelrig word wanneer dit gekook word:

Skoongebied werker: 'n Werker wat in die ontvangs-, verwerkings- of die produksiegebied of die produk- en bestanddeelbewaargebied van die fabriek werk.

Vuilgebied werker: 'n Werker wat in 'n gebied werk wat nie in 'n algeheel higieniese toestand gehou kan word nie.

3. ALGEMENE VEREISTES VIR DIE FABRIEK EN WERKNEMERS.

3.1 ALGEMENE VEREISTES VIR DIE FABRIEK.

3.1.1 *Algemeen:* Daar moet aan die vereistes van die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Beroepsveiligheid (Wet 6 van 1983), en van die Gesondheidswet, 1977 (Wet 63 van 1977), voldoen word. Hierbenewens moet die fabriek, uitrusting, bevriesings- en koelbewaarkamerfasiliteite en die water wat by die voorbereiding van die produk gebruik word, aan die vereistes van 3.1.2–3.1.7 voldoen.

3.1.2 *Konstruksie van en toestande in die fabriek.*

3.1.2.1 Die dak moet weerbestand en van nie-absorberende materiaal wees. Die fabriek moet vry van voëls, knaagdiere, insekte en ander plaagdiere gehou word.

Indien daar plafonne is, moet hulle—

(a) minstens 300 mm bokant enige oorhoofse uitrusting wees en in geen geval minder as 3,0 m van die vloer af wees nie;

(b) bedek wees met waterdigte materiaal en van sodanige konstruksie en afwerking wees dat dit kondensasie, skimmelvorming, afskilfering en die opeenhoping van vullis tot 'n minimum beperk; en

(c) stofdig en van 'n ligte kleur wees en aan die onderkant 'n gladde oppervlak hê wat sonder beskadiging skoongemaak kan word.

3.1.2.2 Kabels en pype moet, indien moontlik—

(a) bo plafonne bevestig wees, indien daar plafonne is;

(b) in mure ingegroef wees; of

(c) onder vloere geplaas wees.

Kabelverbindings na masjiene en oorhoofse pype wat nie bo die plafon bevestig kan word nie, moet op buisvormige steunstukke aangebring wees wat van die plafon hang en

be spaced at least 40 mm apart. Waste and other pipes which cannot be chased into walls shall be fixed at least 40 mm away from the wall surfaces and at least 150 mm above the floor surface, and shall be spaced at least 40 mm apart.

3.1.2.3 All floors shall be constructed of concrete or other smooth impermeable and non-slip material that is resistant to wear and corrosion, easy to clean, and laid to an even surface which is free from cracks and open joints. Floors shall have an acceptable fall and shall be drained to external gullies connected to sewers or drains. Where gullies lead to the outside, the construction shall be such as to prevent the entry of rodents. Floors and drains shall be maintained in good condition and repair. Drains shall be of the open type. Where covers are used, they shall be readily removable.

Processing areas shall be so designed and equipped as to allow free movement of workers and to facilitate the movement and cleaning of movable equipment. Processing areas shall not be overcrowded. Where necessary, duckboards of easily cleaned impervious material shall be provided for workers. Wooden duckboards shall not be used. During production periods the floor and the drainage channels shall be kept clean by regular sweeping, scrubbing, and flushing with water, and refuse shall not be permitted to accumulate in drainage channels or on grids.

Thorough cleaning of floors and drainage channels shall take place at the close of each day's production, and at any other time during the working day when necessary for the maintenance of hygiene. Installations that obstruct flow and cleaning shall not be present in drainage channels. The capacity of drainage channels shall be sufficient to cope with peak loads.

3.1.2.4 Interior wall surfaces shall be faced with a smooth, hard, impermeable, light-coloured, washable material to a height of not less than 2 m from the floor. When soiling might affect the walls above this height, the facing shall be continued to a higher level. Above the facing the walls shall have a smooth, impervious, washable, light-coloured surface. All ledges occurring in wall construction shall be sloped at an angle of at least 45°. Window sills shall be at least 1 m above floor level. The inside surfaces shall, when necessary, be thoroughly washed immediately after each day's operations, and at any other time during the working day when necessary for the maintenance of hygiene. Wall-to-floor and wall-to-wall junctions in production areas and cold-rooms shall be coved. The minimum radius of coving for wall-to-floor junctions shall be 40 mm, and for wall-to-wall junctions, 25 mm.

3.1.2.5 Doors, other than cold-room doors, through which the product is moved between processing areas shall be sufficiently wide to prevent contamination of the product and damage to the doors. Doors and door frames shall be sheathed with or made from a corrosion-resistant metal or other corrosion- and impactresistant material and, unless provided with an effective airscreen, shall be of a self-closing type. Doors and door frames shall have seamless, smooth, impermeable, light-coloured, readily cleanable surfaces.

3.1.2.6 Litter, waste, and overflow shall not be allowed to accumulate or to give rise to unhygienic conditions, and shall be disposed of promptly in an efficient and hygienic manner.

3.1.2.7 General illumination shall be such as to permit efficient operations during the manufacture, production, processing and treatment of the product. Artificial illumination, if used, shall be such that the colour of a product

moet minstens 40 mm van mekaar af geplaas wees. Afvoer- en ander pype wat nie in mure ingegroef kan word, moet minstens 40 mm weg van die muuroppervlakke en minstens 150 mm bo die vloeroppervlak bevestig wees en moet minstens 40 mm van mekaar af geplaas wees.

3.1.2.3 Alle vloere moet van beton of ander gladde, waterdigte en glyvaste materiaal wees wat teen slytasie en korrosie bestand is, maklik is om skoon te maak en tot 'n gelyk oppervlak, vry van barste en oop lasse, gelê is. Vloere moet 'n aanneemlike helling hê en moet afloop na buiterioolputte wat met riole verbind is. Indien rioolputte na buite lei, moet hulle van sodanige konstruksie wees dat daar voorkom word dat knaagdiere indring. Vloere en afvoerkanale moet in 'n goeie toestand en heel gehou word. Afvoerkanale moet van die oop tipe wees. Waar deksels gebruik word, moet hulle maklik verwyder kan word.

Verwerkingsgebiede moet so ontwerp en uitgerus wees dat dit die vrye beweging van werkers toelaat en die vrye verskuiwing en skoonmaak van verskuifbare uitrusting vergemaklik. Verwerkingsgebiede moet nie oorvol wees nie. Indien nodig moet staanmatte van waterdigte materiaal wat maklik skoongemaak kan word, vir werkers voorsien word. Staanmatte van hout mag nie gebruik word nie. Gedurende produksietye moet die vloer en afvoerkanale skoon gehou word deur hulle gereeld te vee, te skrop en met water af te spoel. Daar mag nie toegelaat word dat vullis in dreineerkanale of op roosters ophoop nie. Vloere en afvoerkanale moet aan die einde van elke dag se produksie en op enige ander tyd gedurende die werkdag wanneer dit vir die instandhouding van higiëne nodig is, deeglik skoongemaak word. Installasies wat die vloei en skoonmaakwerk belemmer, mag nie in afvoerkanale aanwesig wees nie. Die inhoudsvermoë van afvoerkanale moet voldoende wees om spitsladings te hanteer.

3.1.2.4 Binnemuuroppervlakke moet met gladde, harde, waterdigte, wasbare materiaal van 'n ligte kleur tot minstens 2 m bo die vloer bedek wees. Indien mure bokant hierdie hoogte besoedel kan word, moet die bedekking tot op 'n hoër vlak aangebring word. Die mure bo die bedekking moet 'n gladde, waterdigte, wasbare oppervlak van 'n ligte kleur hê. Alle lyste in die muurkonstruksie moet 'n helling van minstens 45° hê. Vensterbanke moet minstens 1 m bo die vloervlak wees. Die binnevlakke moet, indien nodig, onmiddellik na elke dag se werksaamhede en op enige ander tyd gedurende die werksdag wanneer dit vir die instandhouding van higiëne nodig is, deeglik afgewas word. Muur-tot-vloer- en muur-tot-muuraansluitings in produksiegebiede en koelkamers moet konkaaf wees. Die minimum radius van konkaafheid moet 40 mm vir muur-tot-vloeraansluitings en 25 mm vir muur-tot-muuraansluitings wees.

3.1.2.5 Deure, uitgesonderd koelkamerdeure, waardeur die produk tussen verwerkingsgebiede beweeg word, moet breed genoeg wees om besmetting van die produk en beskadiging van die deure te voorkom. Deure en deurkosyne moet 'n omhulsel hê of gemaak wees van korrosiebestande metaal of ander korrosie- en slagbestande materiaal en, tensy hulle van 'n doeltreffende lugskerm voorsien is, van 'n selftoegaantipe wees. Deure en deurkosyne moet naatlose, gladde, waterdigte oppervlakke van 'n ligte kleur hê wat maklik skoongemaak kan word.

3.1.2.6 Daar mag nie toegelaat word dat afval, oorloop en rommel ophoop of tot onhigiëniese toestande aanleiding gee nie en dit moet vinnig en op doeltreffende en higiëniese wyse weggeruim word.

3.1.2.7 Die algemene verligting moet sodanig wees dat dit doeltreffende werk tydens die vervaardiging, produksie, verwerking en behandeling van die produk toelaat. Indien kunsmatige verligting gebruik word, moet dit sodanig wees

is not significantly altered. Light bulbs and fixtures suspended over the product at any stage of preparation shall be of a safety type which will prevent contamination of the product in case of breakage.

3.1.2.8 The ventilation shall so reduce humidity as to prevent the growth of mould. It shall also ensure fresh air throughout the factory at all times. Natural ventilation shall be augmented, if necessary, by means of extraction fans.

3.1.2.9 The presence in the processing areas and in the storage, cold storage and refrigeration rooms of dust, dirt, flaking paint and other loose or extraneous material liable to fall on the product from walls, ceilings and overhead structures shall be prevented. Windows that open for ventilation purposes shall be insect-screened. The screens shall be easily removable for cleaning, and shall be kept clean.

3.1.2.10 The factory shall be kept free of flies and other insects.

3.1.2.11 All buildings in which raw materials and ingredients are stored or in which the product is manufactured, prepared or stored shall be kept free of rodents and other vermin.

3.1.2.12 A foot bath containing a disinfectant, in active condition at all times, shall be provided under cover in a lobby at the entrance to the factory. Alternatively, an acceptable system of washing and disinfecting foot-gear may be used.

3.1.2.13 Pesticides and equipment for their application shall be stored under lock and key in a completely separate room away from the factory; the same room shall not be used to store foodstuffs or food-handling equipment. Pesticides shall not be used while processing is in operation. Working surfaces shall be kept free from pesticidal residues. Pesticides and cleaning chemicals shall at no time come into contact with wrappers, containers, raw materials or the product.

3.1.2.14 Any discharge system at the jetty and any conveyance system to the factory shall be so drained that stagnant water does not collect. It shall be regularly cleaned of stale material and cleaned before and after use. Holding tanks shall be similarly treated.

3.1.2.15 No factory chimney, smoke room or motor exhaust shall emit smoke or fumes of a type or in a quantity or manner that contravenes the Atmospheric Pollution Prevention Act, 1965 (Act 45 of 1965), or that causes contamination at any stage in the preparation of the product.

3.1.2.16 Processing plants for the manufacture of by-products that may affect the product deleterously shall be separate from the factory and without direct access to it. Offal shall be removed from the processing area in a hygienic manner, and containers for offal awaiting removal from the factory area shall be well separated from the processing areas.

A separate refuse room or other acceptable refuse facility shall be provided on the premises, and shall be cleaned at least daily. Gut shall under no circumstances be allowed to accumulate.

3.1.2.17 An adequate number of wash-basins, with taps operated by means other than the hands or elbows, with an adequate supply of hot and cold running water or warm water in the temperature range 40–50 °C, soap or acceptable detergent solution in active condition, and disposable towels or hot air dryers shall be provided at those entrances

dat die kleur van 'n produk nie aanmerklik verander nie. Gloeilampe en vaste toebehore wat in enige stadium van voorbereiding oor die produk hang, moet van 'n veiligheidstipe wees wat besmetting van die produk sal voorkom indien dit breek.

3.1.2.8 Die ventilasie moet die humiditeit sodanig verminder dat skimmelgroei voorkom word. Dit moet ook te alle tye vars lug regdeur die fabriek verseker. Natuurlike ventilasie moet, indien nodig, deur suigwaaiers aangevul word.

3.1.2.9 In die bewerkingsgebiede en in die bewaar-, koelbewaar- en vrieskamers moet die aanwesigheid van stof, vullis, afskilferende verf en ander los of vreemde materiaal wat van mure, plafonne en bostrukture op die produk kan val, voorkom word. Insekskerms moet aangebring wees voor vensters wat vir ventilasiedoeleindes oopmaak. Die skerms moet maklik vir skoonmaakdoeleindes afgehaal kan word en moet skoon gehou word.

3.1.2.10 Die fabriek moet vry van vlieë en ander insekte gehou word.

3.1.2.11 Alle geboue waar grondstowwe en bestanddele bewaar word of waarin die produk vervaardig, voorberei of bewaar word, moet vry van knaagdiere en ander ongediertes gehou word.

3.1.2.12 'n Voetbad wat 'n ontsmettingsmiddel bevat wat te alle tye in aktiewe toestand is, moet onder dak in 'n voorportaal by die ingang van die fabriek voorsien word. so nie, kan 'n aanneemlike stelsel vir die was en ontsmetting van skoeisel toegepas word

3.1.2.13 Plaagdoders en uitrusting vir die toediening daarvan moet agter slot en grendel in 'n heeltemal afsonderlike kamer weg van die fabriek self gehou word, en hierdie kamer mag nie gebruik word vir die bewaring van voedsel of voedselhanteringsuitrusting nie. Plaagdoders mag nie gebruik word terwyl verwerking aan die gang is nie. Werkvlakke moet vry van plaagdoderresidu's gehou word. Plaagdoders en skoonmaakchemikalieë mag nooit met toedraaimateriaal, houers, grondstowwe of die produk in aanraking kom nie.

3.1.2.14 Enige aflaaistelsel by die kaai en enige vervoerstelsel na die fabriek moet so gedreineer wees dat staande water nie versamel nie. Dit moet gereeld skoongemaak word om ou materiaal te verwyder en moet voor en na gebruik skoongemaak word. Bewaartenks moet op soortgelyke wyse behandel word.

3.1.2.15 Geen fabriekskoorsteen, rookkamer of masjienuitlaatpyp mag rook of dampe afgee van 'n tipe of in hoeveelhede of op 'n wyse wat 'n oortreding van die Wet op die Voorkoming van Lugbesoedeling, 1965 (Wet 45 van 1965), uitmaak nie of wat in enige stadium tydens die voorbereiding van die produk besoedeling veroorsaak nie.

3.1.2.16 Verwerkingsaanlegte vir die vervaardiging van neweprodukte wat 'n nadelige uitwerking op die produk kan hê, moet van die fabriek afgesonder en sonder regstreekse toegang daartoe wees.

Afval moet op higiëniese wyse uit die verwerkingsgebied verwyder word en houers vir afval wat uit die fabrieksgebied verwyder moet word, moet behoorlik van die verwerkingsgebied afgesonder wees. 'n Afsonderlike vulliskamer of ander aanneemlike vullisfasiliteit moet op die perseel voorsien wees en moet minstens daagliks skoongemaak word. Daar mag onder geen omstandighede toegelaat word dat ingewande ophoop nie.

3.1.2.17 'n Toereikende getal wasbakke, met krane wat met ander middele as die hand of elmboog in werking gestel word, en toereikende warm en koue lopende water of warm water in die temperatuurbestek 40–50 °C, seep of aanneemlike detergentoplossing in aktiewe toestand en weggooihanddoeke of warmlugdroërs moet by die ingange na die

to the preparation and processing areas of the factory that are used by the employees, and at other conveniently situated points in these areas. In the case of factory ships, at least one wash-basin in the toilet block and one in the processing and packing area shall be supplied with hot and cold running water.

3.1.2.18 The factory and grounds shall at all times be maintained in a clean and hygienic state, and shall be properly fenced. Animals shall not be allowed into any part of the factory.

3.1.2.19 In relation to the handling, transportation, packing, freezing and storage of the product, no operation detrimental to its manufacture, processing or treatment shall be permitted in the factory and its grounds. Unhygienic conditions shall not exist in the plant, on the premises, or in the factory grounds.

3.1.2.20 Staircases in rooms where food is processed or handled shall have the spaces between treads closed in with solid risers, and shall be provided with solid balustrades having a height of not less than 800 mm above the nosing of each tread.

3.1.3 *Equipment.*

3.1.3.1 All plant, equipment and utensils coming into contact with the product shall be of smooth-surfaced, light-coloured, corrosion-resistant, non-absorbent material which may have an acceptable plastics-coated surface. Equipment and utensils shall be of seamless hygienic design. Equipment shall not be sunk into the floor. All parts of stationary or not readily movable equipment shall be installed away from the walls and ceilings at a distance sufficient to provide access for cleaning and inspection. All permanently mounted equipment shall be either installed sufficiently high above the floor to provide access for cleaning and inspection, or be completely sealed to the floor. Where necessary, as in the case of equipment that cannot be cleaned in situ, equipment shall be capable of being dismantled for cleaning and disinfection.

Metals detrimental to health such as lead and lead alloys other than solder shall not be used in the construction of equipment coming into contact with raw materials or with the unprotected product at any stage of its manufacture.

Wooden tables shall not be used in processing areas. Table frames shall be of design and construction that will not allow unhygienic conditions to develop and bacterial build-up to take place, and shall be made of smooth corrosion-resistant metal or shall have been so coated as to protect them from corrosion. Table tops shall be of seamless stainless metal or other seamless, corrosion-resistant, smooth, impermeable material possessing similar surface characteristics. They shall be of hygienic construction and shall be either removable for cleaning, or so secured to their frames as to enable cleaning and disinfection. Where metal tops are folded at the edge, the fold shall be soldered, welded, or sealed with an acceptable mastic sealant in such a manner as to prevent the product from entering the folded section. All table tops shall allow rapid and effective drainage, and shall be free from cracks and crevices. All joints in tables shall have been made watertight.

Knives and other utensils shall not have handles of wood or other porous material. Wicker baskets shall not be used as containers for lobster at any stage before, during, or after processing.

voorbereidings- en verwerkingsgebiede van die fabriek wat deur die werknemers gebruik word en op ander gerieflik geleë plekke in hierdie gebiede voorsien wees. In die geval van fabriekskepe moet minstens een wasbak in die toiletblok en een in die verwerkings- en verpakkingsgebied van warm en koue lopende water voorsien wees.

3.1.2.18 Die fabriek en terrein moet te alle tye in 'n skoon en higiëniese toestand gehou word en moet behoorlik omhein wees. Diere mag nie in enige deel van die fabriek toegelaat word nie.

3.1.2.19 Met betrekking tot die hantering, vervoer, verpakking, bevriesing en bewaring van die produk mag geen werksaamheid wat nadelig is vir die vervaardiging, verwerking en behandeling daarvan in die fabriek en op die fabrieksterrein toegelaat word nie. Daar mag nie onhigieniese toestande in die aanleg, op die perseel of op die fabrieksterrein heers nie.

3.1.2.20 Die ruimtes tussen die loopstukke van trappe in kamers waar voedsel verwerk of hanteer word, moet met soliede stygstukke toegemaak wees en moet voorsien wees van soliede balustrades met 'n hoogte van minstens 800 mm bo die neusrand van elke loopstuk.

3.1.3 *Uitrusting.*

3.1.3.1 Alle werktuie, uitrusting en gereedskap wat met die produk in aanraking kom, moet van gladde, ligkleurige, korrosiebestande, nie-absorberende materiaal gemaak wees wat 'n aanneemlike plastiekbedekte oppervlak kan hê. Uitrusting en gereedskap moet van 'n naatlose higiëniese ontwerp wees. Uitrusting mag nie in die vloer versink wees nie. Alle dele van vaste uitrusting of uitrusting wat nie maklik beweeg kan word nie, moet weg van die mure en plafonne geïnstalleer wees op 'n afstand wat voldoende is om toegang vir skoonmaak en inspeksie te verleen. Alle permanent gemonteerde uitrusting moet òf hoog genoeg bokant die vloer geïnstalleer wees om toegang vir skoonmaak en ondersoek te verleen, òf heeltemal aan die vloer verseël wees. Indien nodig, soos in die geval van uitrusting wat nie op die plek skoongemaak kan word nie, moet uitrusting vir skoonmaak en ontsmetting uitmekaar gehaal kan word.

Metale wat nadelig vir die gesondheid is soos lood en loodlegerings, maar uitgesonderd soldeersel, mag nie gebruik word by die konstruksie van uitrusting wat met grondstowwe of die onbeskermde produk in enige stadium van die vervaardiging daarvan in aanraking kom nie.

Houttafels mag nie in die verwerkingsgebiede gebruik word nie. Tafelrame moet 'n ontwerp en konstruksie hê wat nie sal toelaat dat onhigiëniese toestande ontwikkel of bakterie-opbouing plaasvind nie en moet van gladde korrosiebestande metaal gemaak wees of 'n deklaag hê wat sodanig is dat hulle teen korrosie beskerm is. Tafelblaaie moet gemaak wees van naatlose vlekvry metaal of ander naatlose, korrosiebestande, gladde, waterdigte materiaal wat oor soortgelyke oppervlakkenmerke beskik. Die tafelblaaie moet 'n higiëniese konstruksie hê en moet òf vir skoonmaakdoeleindes verwyder kan word òf so aan hul rame bevestig wees dat skoonmaak en ontsmetting moontlik is. Indien metaalblaaie by die rand omgevou is, moet die vou gesoldeer, gesweis of op so 'n wyse met 'n aanneemlike mastiekafdigmiddel verseël wees dat daar voorkom word dat die produk die omgevoude deel binnedring. Alle tafelblaaie moet vinnige en doeltreffende dreinering toelaat en moet vry van barste en splete wees. Alle lasse in tafels moet waterdig gemaak wees.

Messe en ander gereedskap mag nie handvatsels van hout of ander poreuse materiaal hê nie. Rottangmandjies mag nie in enige stadium voor, gedurende of na verwerking as houers vir kreef gebruik word nie.

3.1.3.2 The ice-making plant shall be of hygienic construction throughout. Whenever ice is transferred, it shall be effectively protected from contamination.

All plant, equipment and utensils coming into contact with the product shall be maintained in a state of good repair, and shall be kept clean. Cleaning and disinfecting materials, hot and cold running water complying with the requirements of 3.1.6.3. or saturated steam, hosepiping, brushes and other materials and equipment necessary for the cleaning of the plant and utensils shall be available. Materials that may contaminate the product shall not be used. Plant, equipment and utensils, after thorough cleaning with a detergent for other cleaning agent, shall be disinfected by the application of a disinfectant solution. Immediately before the commencement of operations, equipment shall be so rinsed with water complying with the requirements of 3.1.6.3 as to remove the disinfecting agent. The entire processing system shall be cleaned during each break in production that lasts for more than one hour, at the end of each shift and at the end of each day's operations. It shall be clean at the time of further use.

Gloves, knives, breaking pins and similar items of equipment shall, during breaks in production, after use, or at any time when disinfection is necessary, be thoroughly cleaned and then disinfected by the use of chlorinated water or other acceptable solution or procedure. Disinfecting facilities shall be available at convenient points. A suitably designed and equipped separate room or area shall be available for the washing and cleaning of loose items or equipment. When the factory is in operation, equipment and utensils shall not be removed from the working area except for repair, cleaning or replacement purposes.

3.1.3.3 The efficacy of the cleaning and disinfection process specified in 3.1.3.2 shall be such that, in samples taken and tested in accordance with 8.14 from 15 representative areas, each of size about 1 000 mm^2, of the plant, equipment and utensils, the total bacterial count in the samples as scored by the system set out in 8.14.3.2 shall be acceptable.

3.1.3.4 While the product is liable to contamination, containers filled or partially filled with raw materials of the product shall be kept on metal shelves or stands of hygienic construction and positioned at a height of at least 250 mm above floor level. Containers holding edible materials shall not be stacked one upon the other unless the contents are effectively protected. Containers shall be of hygienic design and either light-coloured or having a bright metallic finish.

3.1.3.5 Wrapping material shall be dispensed from corrosion-resistant containers of hygienic design, in a manner requiring the minimum handling of wrappers.

3.1.3.6 Spare parts for machinery and stores, capable of contaminating the product, shall be stored away from the processing area(s).

3.1.4 *Stores*.

(a) Wrappers, packages, outer containers and labels for the packing and packaging of the product shall be stored at a height of at least 250 mm above floor level in clean dry store-rooms reserved for the purpose.

(b) Other non-edible materials shall be stored in a room apart from the other store-rooms and the production area of the factory.

3.1.3.2 Die ysmaakaanleg moet deurgaans van higiëniese konstruksie wees. Wanneer ys vervoer word, moet dit op doeltreffende wyse teen besmetting beskerm wees.

Alle werktuie, uitrusting en gereedskap wat met die produk in aanraking kom, moet in 'n goeie toestand en skoon gehou word. Skoonmaak- en ontsmettingsmateriaal, warm en koue lopende water wat aan die vereistes van 3.1.6.3 voldoen, of versadigde stoom, slange, borsels en ander materiaal en uitrusting wat nodig is om die aanleg en gereedskap skoon te maak, moet beskikbaar wees. Materiaal wat die produk kan besmet, mag nie gebruik word nie. Werktuie, uitrusting en gereedskap moet, nadat dit deeglik met 'n detergent of ander skoonmaakmiddel skoongemaak is, ontsmet word deur die aanwending van 'n ontsmettingsmiddel. Onmiddellik voordat daar met die werksaamhede begin word, moet uitrusting so met water wat aan die vereistes van 3.1.6.3 voldoen, afgespoel word dat die ontsmettingsmiddel verwyder word. Die hele verwerkingstelsel moet tydens elke produksieonderbreking wat langer as een uur duur, aan die einde van elke skof en aan die einde van elke dag se werksaamhede skoongemaak word. Dit moet skoon wees wanneer dit weer gebruik word.

Handskoene, messe, uitbreekpenne en soortgelyke uitrustingsitems moet gedurende produksieonderbrekings, na gebruik of op enige tydstip wanneer ontsmetting nodig is, deeglik skoongemaak en dan ontsmet word deur van gechloreerde water of ander aanneemlike oplossing of prosedure gebruik te maak. Ontsmettingsfasiliteite moet op gerieflike punte beskikbaar wees. 'n Afsonderlike kamer of gebied van geskikte ontwerp en met geskikte uitrusting, moet vir die was en skoonmaak van los items en uitrusting beskikbaar wees. Wanneer die fabriek in werking is, mag uitrusting en gereedskap nie uit die werkgebied verwyder word nie, behalwe vir herstel-, skoonmaak- of vervangingsdoeleindes.

3.1.3.3 Die doeltreffendheid van die skoonmaak- en ontsmettingsproses wat in 3.1.3.2 gespesifiseer word, moet sodanig wees dat, in monsters wat volgens 8.14 uit 15 verteenwoordigende oppervlaktes, elk ongeveer 1 000 mm^2 groot, van die werktuie, uitrusting en gereedskap geneem en getoets is, die totale bakterietelling in die monsters, bepaal volgens die stelsel in 8.14.3.2 uiteengesit, aanneemlik is.

3.1.3.4 Terwyl die produk vir besmetting vatbaar is, moet houers wat heeltemal of gedeeltelik met grondstowwe of die produk gevul is, op metaalrakke of -staanders van higiëniese konstruksie op 'n hoogte van minstens 250 mm bo die vloervlak gehou word. Houers wat eetbare materiaal bevat, mag nie op mekaar gestapel word nie, tensy die inhoud doeltreffend beskerm is. Houers moet van 'n higiëniese ontwerp en ligkleurig wees of moet 'n helder metaalafwerking hê.

3.1.3.5 Toedraaimateriaal moet op so 'n wyse vanuit korrosiebestande houers van higiëniese ontwerp verskaf word dat slegs die minimum hantering van omhulsels nodig is.

3.1.3.6 Masjienonderdele en voorrade wat die produk kan besmet, moet weg van die verwerkingsgebied(e) bewaar word.

3.1.4 *Voorrade*.

(a) Omhulsels, pakkette, buitehouers en etikette vir die pak en verpakking van die produk moet op 'n hoogte van minstens 250 mm bo die vloervlak in skoon, droë pakkamers wat vir dié doel gereserveer is, bewaar word.

(b) Ander nie-eetbare materiaal moet in 'n kamer weg van die ander kamers en die produksiegebied van die fabriek bewaar word.

3.1.5 *Freezing and cold storage facilities:* Freezers, cold stores and associated equipment shall operate effectively. They shall be clean and hygienic; no condition shall exist and no object or matter that could affect the flavour or appearance of the frozen product in any way shall be present in the cold storage chamber. Walls and floors shall be maintained in good condition and shall be impervious to moisture. The flaking of surface material on ceilings and walls shall be prevented. Face bricks shall not be used. Products in cold storage shall not be stacked directly on the floor or against the walls in a manner which will impede air circulation. Storage rooms for the frozen product shall be equipped with automatic temperature recorders that have enough sensing elements suitably placed to monitor effectively the overall air temperature inside the rooms. Temperature charts shall be graduated in such a way that each division does not represent more than 2 °C within the storage range and shall be easily readable to the nearest 1 °C within the storage range.

Continuous freezing facilities shall be similarly monitored, and all recorders shall accurately reflect the temperatures. Batch freezers shall be fitted with external gauges or other temperature indicators. The stacking of products in batch freezers (other than plate freezers) shall be such that air circulation between packages is not impeded.

Records of the temperatures of cold stores and freezing facilities shall be retained for a year from the date of recording, and shall be available for imspection by the authority administering this specification.

3.1.6 *Water.*

Organisme	Gehalte per gram, maks.*	Toetsmetode onderafdeling
Totale telling (by 15 °C) van lewensvatbare organismes	500 000	8.6
Koliformige organismes	20	8.7
Fekale kolivormige organismes	Nul	8.8
Staphyloccoccus aureus	Nul	8.9
Salmonella	Nul	8.10
Shigella	Nul	8.11
Patogene clostridia	Nul	8.12
Vibrio cholerae	Nul	8.13
Vibrio parahaemolyticus	Nul	8.13

* Die produk moet ook voldoen aan al die ander vereistes wat ingevolge die Wet op Voedingsmiddels, Skoonheidsmiddels en Ontsmettingsmiddels, 1972 (Wet 54 van 1972), voorgeskryf is.

4.17 ANTIBIOTIKA: Antibiotika mag nie by die voorbereiding van die produk gebruik word of daarin aanwesig wees nie.

5. MERKE.

5.1 MERKE OP HOUERS: Behalwe soos ooreenkomstig 5.2 toegelaat, moet die volgende besonderhede leesbaar en onuitwisbaar aan die buitekant van elke houer aangebring wees in druk van die grootte en aanbieding wat by regulasie

by regulation under the Foodstuffs, Cosmetics and Disinfectants Act, 1972 (Act 54 of 1972), and the Trade Metrology Act, 1973 (Act 77 of 1973):

(a) The name and full street address of the manufacturer, producer, proprietor or controlling company or, in the case of containers packed for any other person or organization, the name and full street address of that person or organization;

(b) the appropriate of the following product names, all words being given in bold letters of equal size except that the word "unpurged" or its equivalent may be in letters of size at least one third of that in which the product name appears:

(1) In the case of frozen rock lobster tails prepared and packed from the Cape spiny lobster (*Jasus lalandii*), the inscription "South African rock lobster tails/Suid-Afrikaanse kreefsterte"; in the case of frozen lobster tails prepared and packed from South Coast lobster (*Palinurus gilchristi*), the inscription "South African rock lobster tails, South Coast type/Suid-Afrikaanse kreefsterte, Suidkustipe"; in the case of frozen lobster tails prepared and packed from Natal lobster (*Palinurus delagoae*), the inscription "Natal rock lobster tails/Natalse kreefsterte"; in the case of frozen tails prepared and packed from slipper lobster (Scyllaridae), the inscription "Slipper lobster tails/Sandkreefsterte"; and in the case of frozen lobster tails prepared and packed from any other species of lobster, a true and appropriate description that will not mislead the consumer;

(2) in the case of frozen whole raw rock lobster prepared and packed from the Cape spiny lobster (*Jasus lalandii*), the inscription "Raw South African rock lobster/Rou Suid-Afrikaanse kreef"; in the case of frozen whole raw rock lobster prepared and packed from South Coast lobster (*Palinurus gilchristi*), the inscription "Raw South African rock lobster, South Coast type/Rou Suid-Afrikaanse kreef, Suidkustipe"; in the case of frozen whole raw rock lobster prepared and packed from Natal lobster (*Palinurus delagoae*), the inscription "Raw Natal rock lobster/Rou Natalse kreef; in the case of frozen whole raw rock lobster prepared and packed from slipper lobster (Scyllaridae), the inscription "Raw slipper lobster/Rou sandkreef"; in the case of frozen whole raw lobster prepared and packed from any other species of lobster, a true and appropriate description that will not mislead the consumer; and in the case of lobster sold unpurged in terms of the allowance made in 4.5.1, the word "unpurged" or its equivalent, given in immediate conjunction with the product name;

(3) in the case of frozen whole cooked rock lobster prepared and packed from the Cape spiny lobster (*Jasus lalandii*), the inscription "Cooked South African rock lobster/Gekookte Suid-Afrikaanse kreef"; in the case of frozen whole cooked rock lobster prepared and packed from South Coast lobster (*Palinurus gilchristi*), the inscription "Cooked South African rock lobster, South Coast type/Gekookte Suid-Afrikaanse kreef, Suidkustipe"; in the case of frozen whole cooked rock lobster prepared and packed from Natal lobster (*Palinurus delagoae*), the inscription "Cooked Natal rock lobster/Gekookte Natalse kreef"; in the case of frozen whole cooked rock lobster prepared and packed from slipper lobster (Scyllaridae), the inscription "Cooked slipper lobster/Gekookte sandkreef"; in the case of frozen whole cooked lobster prepared and packed from any other species of lobster, a true and appropriate description that will not mislead the consumer; and in the case of frozen whole cooked lobsters packed unpurged in terms of the allowance made in 4.5.1, the word "unpurged" or its equivalent, given in immediate conjunction with the product name;

ingevolge die Wet op Voedingsmiddels, Skoonheidsmiddels en Ontsmettingsmiddels, 1972 (Wet 54 van 1972), en die Wet op Handelsmetrologie, 1973 (Wet 77 van 1973), voorgeskryf word:

(a) Die naam en volledige straatadres van die fabrikant, produsent, eienaar of beherende maatskappy of, in die geval van houers wat vir enige ander persoon of organisasie verpak is, die naam en volledige straatadres van daardie persoon of organisasie;

(b) die toepaslike van die volgende produkname, waar alle woorde in vet, ewe groot letters aangegee moet word, behalwe dat die woord "ongepurgeer" of die ekwivalent daarvan in letters kan wees wat minstens 'n derde so groot is as dié waarin produkname verskyn:

(1) In die geval van bevrore kreefsterte wat uit die Kaapse stekelkreef (*Jasus lalandii*) voorberei en verpak is, die beskrywing "South African rock lobster tails/Suid-Afrikaanse kreefsterte"; in die geval van bevrore kreefsterte wat uit Suidkuskreef (*Palinurus gilchristi*) voorberei en verpak is, die beskrywing "South African rock lobster tails, South Coast type/Suid-Afrikaanse kreefsterte, Suidkustipe"; in die geval van bevrore kreefsterte wat uit Natalse kreef (*Palinurus delagoae*) voorberei en verpak is, die beskrywing "Natal rock lobster tails/Natalse kreefsterte"; in die geval van bevrore sterte wat uit sandkreef (Scyllaridae) voorberei en verpak is, die beskrywing "Slipper lobster tails/Sandkreefsterte"; en in die geval van bevrore kreefsterte wat uit enige ander kreefspesies voorberei en verpak is, 'n juiste en toepaslike beskrywing wat die verbruiker nie sal mislei nie;

(2) in die geval van bevrore rou heelkreef wat uit die Kaapse stekelkreef (*Jasus lalandii*) voorberei en verpak is, die beskrywing "Raw South African rock lobster/Rou Suid-Afrikaanse kreef"; in die geval van bevrore rou heelkreef wat uit Suidkuskreef (*Palinurus gilchristi*) voorberei en verpak is, die beskrywing "Raw South African rock lobster, South Coast type/Rou Suid-Afrikaanse kreef, Suidkustipe"; in die geval van bevrore rou heelkreef wat uit Natalse kreef (*Palinurus delagoae*) voorberei en verpak is, die beskrywing "Raw Natal rock lobster/Rou Natalse kreef"; in die geval van bevrore rou heelkreef wat uit sandkreef (Scyllaridae) voorberei en verpak is, die beskrywing "Raw slipper lobster/Rou sandkreef"; in die geval van bevrore rou heelkreef wat uit enige ander kreefspesie voorberei en verpak is, 'n juiste en toepaslike beskrywing wat die verbruiker nie sal mislei nie; en in die geval van kreef wat ingevolge die toegewing in 4.5.1 as ongepurgeer verkoop word, die woorde "unpurged/ongepurgeer" of die ekwivalent daarvan onmiddellik langs die produknaam;

(3) in die geval van bevrore gekookte heelkreef wat uit die Kaapse stekelkreef (*Jasus lalandii*) voorberei en verpak is, die beskrywing "Cooked South African rock lobster/Gekookte Suid-Afrikaanse kreef"; in die geval van bevrore gekookte heelkreef wat uit Suidkuskreef (*Palinurus gilchristi*) voorberei en verpak is, die beskrywing "Cooked South African rock lobster, South Coast type/Gekookte Suid-Afrikaanse kreef, Suidkustipe"; in die geval van bevrore gekookte heelkreef wat uit die Natalse kreef (*Palinurus delagoae*) voorberei en verpak is, die beskrywing "Cooked Natal rock lobster/Gekookte Natalse kreef", in die geval van bevrore gekookte heelkreef wat uit sandkreef (Scyllaridae) voorberei en verpak is, die beskrywing "Cooked slipper lobster/Gekookte sandkreef"; in die geval van bevrore gekookte heelkreef wat uit enige ander kreefspesie voorberei en verpak is, 'n juiste en toepaslike beskrywing wat die verbruiker nie sal mislei nie; en in die geval van bevrore gekookte heelkrewe wat ingevolge die toegewing in 4.5.1 ongepurgeer verpak is, die woorde "unpurged/ongepurgeer" of die ekwivalent daarvan onmiddellik langs die produknaam;

(4) in the case of a frozen rock lobster product other than frozen rock lobster tails, frozen whole raw rock lobster and frozen whole cooked rock lobster, a true and appropriate description of the product;

(c) the date of packing and the identity of the factory in which the product was packed, the use of a code being permissible provided that the key to such code is disclosed to the authority administering this specification and that, where appropriate, the code also identifies the quota holder on whose behalf the product was packed;

(d) the net mass of the contents;

(e) in the case of tails other than those in catering packs, the category identification;

(f) the country of origin;

(g) where relevant, words indicating that the pack is a catering pack;

(h) the presence of the anti-oxidant(s), by name, on the immediate containers, and on the master containers, where appropriate; and

(i) words stating clearly and legibly that the product must be stored at a temperature not exceeding −20 °C.

5.2 MARKINGS ON CONTAINERS FOR EXPORT: Containers for export to other countries may bear markings different from those required in terms of 5.1, provided that there is no attempt to misrepresent the product, and that the information called for by 5.1 (c) appears either on the container or on a packing slip placed on top of the contents before the container is sealed. The requirements of the importing country shall be complied with.

6. DELIVERY AND INSPECTION.

6.1 DELIVERY.

6.1.1 *Delivery for export:* The frozen product for export shall be conveyed from the factory to the cold storage depot and delivered into the transporting vessel's cold storage chambers at a temperature not exceeding −15 °C. If at any time during this transportation the temperature of the product exceeds −15 °C, the product shall be blast-frozen without delay until the maximum temperature stipulated in 4.11 has been reached. The product shall be submitted for re-inspection if the temperature has exeeded −7 °C.

6.1.2 *Delivery for local sale:* The frozen product for local distribution shall be conveyed in refrigerated or insulated trucks from the factory or the cold storage depot to the point of retail sale. The temperature of the product during conveyance to and by transport vehicles shall not exceed −15 °C.

6.2 INSPECTION FOR EXPORT: Each consignment of the frozen product intended for export shall be available for inspection at the cold storage depot from which it is to be shipped. The authority administering this specification shall be notified at least 14 days before the expected date of shipment of intention to export. Products not complying with this specification shall not be kept in those cold stores from which export is effected. The frozen product shall be submitted for re-inspection at the point of shipment if, while the product was held, whether at the original packing plant or at the point of shipment, or while the product was being transported to the point of shipment, any doubt arose as to its temperature.

7. METHODS OF CHEMICAL ANALYSIS.

Note: Unless otherwise specified, use only distilled or deionized water, and reagents of analytical reagent grade or (when such a grade is unobtainable) of the purest grade available.

7.1 DETERMINATION OF ASCORBIC ACID.

7.1.1 *Reagents.*

(a) *Glass-distilled water.*

(4) in die geval van bevrore kreefprodukte, uitgesonderd bevrore kreefsterte, bevrore rou heelkreef en bevrore gekookte heelkreef, 'n juiste en toepaslike beskrywing van die produk;

(c) die datum van verpakking en die identiteit van die fabriek waar die produk verpak is; die gebruik van 'n kode word in hierdie geval toegelaat mits die sleutel daartoe aan die owerheid wat hierdie spesifikasie toepas, verstrek word en mits die kode ook, waar toepaslik, die kwotahouer namens wie die produk verpak is, identifiseer;

(d) die netto massa van die inhoud;

(e) in die geval van sterte, uitgesonderd dié in spysenieringspakke, die kategorie-identifikasie;

(f) die land van herkoms;

(g) indien toepaslik, woorde wat aandui dat die pak 'n spysenieringspak is;

(h) die aanwesigheid van die anti-oksideermiddel(s) by naam op die onmiddellike houers en op die meesterhouers, indien toepaslik;

(i) woorde wat dit duidelik en leesbaar stel dat die produk by 'n temperatuur van hoogstens −20 °C bewaar moet word.

5.2 MERKE EN HOUERS VIR UITVOER: Die merke op houers vir uitvoer na ander lande kan verskil van dié wat volgens 5.1 vereis word, mits daar geen pogings tot wanvoorstelling van die produk is nie en die inligting wat volgens 5.1 (c) verlang word, aangegee word òf op die houer òf op 'n verpakkingstrokie wat bo-op die inhoud geplaas word voordat die houer verseël word. Daar moet aan die vereistes van die invoerland voldoen word.

6. AFLEWERING EN INSPEKSIE.

6.1 AFLEWERING.

6.1.1 *Aflewering vir uitvoer:* Die bevrore produk vir uitvoer moet by 'n temperatuur van hoogstens −15 °C van die fabriek na die koelbewaardepot vervoer word en in die vervoervaartuig se koelbewaarkamers afgelewer word. Indien die temperatuur van die produk in enige stadium van hierdie vervoer −15 °C oorskry, moet die produk sonder versuim druklugbevries word totdat die maksimum temperatuur bereik word wat in 4.11 voorgeskryf is. Die produk moet vir herinspeksie voorgelê word indien die temperatuur −7 °C oorskry het.

6.1.2 *Aflewering vir plaaslike verkoop:* Die bevrore produk vir plaaslike verspreiding moet in verkoelde of geïsoleerde vragwaens van die fabriek of die koelbewaardepot na die kleinhandelsafsetplek vervoer word. Die temperatuur van die produk tydens vervoer na en deur vervoerwaens mag nie −15 °C oorskry nie.

6.2 INSPEKSIE VIR UITVOER: Elke besending van die bevrore produk wat vir uitvoer bedoel is, moet vir inspeksie beskikbaar wees by die koelbewaardepot vanwaar dit verskeep gaan word. Die owerheid wat hierdie spesifikasie toepas moet minstens 14 dae voor die verwagte datum van verskeping verwittig word van die voorneme om die produk uit te voer. Produkte wat nie aan hierdie spesifikasie voldoen nie, mag nie in dieselfde koelbewaarkamers as produkte vir uitvoer gehou word nie. Die bevrore produk moet op die plek van verskeping weer vir ondersoek aangebied word indien daar, terwyl die produk gehou is, hetsy by die oorspronklike verpakkingsaanleg of by die plek van verskeping, of terwyl dit vervoer word na die verskepingspunt, enige twyfel oor die temperatuur daarvan ontstaan het.

7. METODES VAN CHEMIESE ONTLEDING.

Opmerking: Tensy daar anders gespesifiseer word, gebruik slegs gedistilleerde of gedeïoniseerde water en analitiese reagensgraad-reagense of (indien so 'n graad onverkrygbaar is) reagense van die suiwerste graad wat beskikbaar is.

7.1 BEPALING VAN ASKORBIENSUUR.

7.1.1 *Reagense.*

(a) *Glasgedistilleerde water.*

(b) *Metaphosphoric acid and acetic acid extracting solution:* Dissolve, by shaking, 15 g of HPO_3 pellets or freshly pulverized stick HPO_3 in 40 m of acetic acid and 200 mℓ of water and filter rapidly through fluted paper into a glass-stoppered bottle. (HPO_3 slowly changes to H_3PO_4, but if stored in a refrigerator, the solution remains satisfactory for 7–10 days.)

(c) *Ascorbic acid standard solution, 1 mg/mℓ:* Accurately weight 50 mg of ascorbic acid that has been stored in a desiccator away from direct sunlight. Transfer to a 50 mℓ volumetric flask. Dilute to volume immediately before use with the metaphosphoric acid and acetic acid solution.

(d) *Indophenol standard solution:*

(1) Dissolve 50 mg of the sodium salt of 2,6 dichlorophenol-indophenol (previously stored in a desiccator over soda lime out of direct sunlight) in 50 mℓ of water containing 42 mg of sodium bicarbonate. Shake vigorously and when the salt is dissolved, dilute to 200 mℓ with water. Filter through fluted paper into an amber glass-stoppered bottle. Keep stoppered, out of direct sunlight, and store in a refrigerator.

Decomposition products that make the end-point indistinct occur in some batches of dry indophenol and can also develop with time in the above standard solution. Add 5,0 mℓ of the extracting solution containing excess ascorbic acid to 15 mℓ of the indophenol standard solution. If the reduce solution is not practically colourless, discard and prepare a new indophenol standard solution. If the indophenol is at fault, obtain a new supply.

(2) Transfer three 2,0 mℓ aliquots of the ascorbic acid standard solution to each of three 50 mℓ Erlenmeyer flasks containing 5,0 mℓ of the metaphosphoric acid and acetic acid extracting solution. Titrate rapidly with the indophenol standard solution from a 50 mℓ burette until a light but distinct rose pink persists for five seconds or longer. (Each titration should require about 15 mℓ of indophenol solution, and titrations should agree to within 0,1 mℓ.) Similarly titrate three blanks consisting of 7,0 mℓ of the metaphosphoric acid and acetic acid solution plus a volume of water about equal to the volume of indophenol solution used in the titration of the ascorbic acid solution and determine the average titration of the blank solutions (usually about 0,1 mℓ). Correct the standardisation titrations by subtracting the blank titration from each of them and calculate the ascorbic acid equivalent, in milligrams, of 1,0 mℓ of the indophenol standard solution.

Standardize the indophenol solution daily with freshly prepared ascorbic acid standard solution.

7.1.2 *Preparation of test solution:* Shred the sample and transfer an accurately determined mass to a blending machine. Add metaphosphoric acid and acetic acid solution [see 7.1.1 (b)] and mix gently until a uniform suspension is obtained. Dilute with the metaphosphoric acid and accetic acid solution to a definite volume V, in millilitres, and mix thoroughly.

7.1.3 *Procedure:* Titrate three aliquots of the test solution, each containing about 2 mg of ascorbic acid, and make blank determinations for correction of the titrations as in 7.1.1 (d), using correct volumes of the metaphosphoric acid and acetic acid solution and water. If about 2 mg of ascorbic acid is contained in an aliquot of volume less than 7 mℓ, add metaphosphoric acid and acetic acid solution to give a final volume of 7 mℓ for titration.

7.1.4 *Calculation:* Calculate the ascorbic acid content of the product, in mg/kg, as follows:

$$\text{Ascorbic acid, mg/kg} = (X\text{-}B) \times \frac{F}{E} \times \frac{V}{Y} \times 10^3$$

(b) *Metafosforsuur- en asynsuurekstraheeroplossing:* Los, deur te skud, 15 g HPO_3-pille of pas verpoeierde staaf-HPO_3 in 40 mℓ asynsuur en 200 mℓ water op en filtreer vinnig deur gegroefde papier in 'n bottel met 'n glasprop. (HPO_3 verander stadig na H_3PO_4, maar indien dit in 'n koelkas bewaar word, bly die oplossing 7–10 dae lank bevredigend.)

(c) *Askorbiensuurstandaardoplossing, 1 mg/mℓ*: Weeg noukeurig 15 mg askorbiensuur wat in 'n desikkator weg van regstreekse sonlig bewaar is, uit. Plaas na 'n 50-mℓ-volumetriese fles oor. Verdun tot volume met die metafosforsuur- en asynsuur-oplossing.

(d) *Indofenolstandaardoplossing:*

(1) Los 50 mg van die natriumsout van 2,6-dichloorfenol-indofenol (vooraf in 'n desikkator oor natronkalk weg van regstreekse sonlig bewaar) op in 50 mℓ water wat 42 mg natriumbikarbonaat bevat. Skud heftig en wanneer die sout opgelos is, verdun tot 200 mℓ met water. Filtreer deur gegroefde papier in 'n amberkleurige bottel met 'n glasprop. Hou toegeprop weg van regstreekse sonlig en bewaar in 'n koelkas.

Dekomposisieprodukte wat die omslagpunt onduidelik maak, kom in sommige produksielotte droë indofenol voor en kan ook met verloop van tyd in die bostaande standaardoplossing ontwikkel. Voeg 5,0 mℓ van die ekstraheeroplossing wat 'n oormaat askorbiensuur bevat, by 15 mℓ van die indofenolstandaardoplossing. Indien die gereduseerde oplossing nie feitlik kleurloos is nie, gooi weg en berei 'n nuwe indofenolstandaardoplossing. Indien die fout by die indofonol lê, kry 'n nuwe voorraad.

(2) Plaas drie 2,0-mℓ-deelvolumes van die askorbiensuurstandaardoplossing oor na elk van drie 50-mℓ-Erlenmeyer-flesse wat 5,0 mℓ van die metafosforsuur- en asynsuurekstraksieoplossing bevat. Titreer vinnig met die indofenolstandaardoplossing uit 'n 50-mℓ-buret totdat 'n ligte maar duidelike roospienk 5 sekondes of langer aanhou. (Elke titrering moet ongeveer 15 mℓ van die indofenoloplossing opneem en titrerings moet tot binne 0,1 mℓ ooreenstem.) Titreer op soorgelyke wyse drie kontroles wat bestaan uit 7,0 mℓ van die metafosforsuur- en asynsuuroplossing plus 'n volume water wat ongeveer gelyk is aan die volume van die indofenoloplossing wat by die titrering van die askorbiensuuroplossing gebruik is en bepaal die gemiddelde titrering van die kontrole-oplossings (gewoonlik ongeveer 0,1 mℓ). Korrigeer die standaardisasietitrerings deur die kontroletitrering van elk af te trek en bereken die askorbiensuurekwivalent, in milligram, van 1,0 mℓ van die indofenolstandaardoplossing.

Standaardiseer die indofenoloplossing daagliks met vars bereide askorbiensuurstandaardoplossing.

7.1.2 *Voorbereiding van toetsoplossing:* Snipper die monster en plaas 'n noukeurig bepaalde massa in 'n mengkerwer. Voeg die metafosforsuur- en asynsuuroplossing [kyk 7.1.1 (b)] by en meng versigtig totdat 'n eenvormige suspensie verkry word. Verdun met die metafosforsuur- en asynsuuroplossing tot 'n bekende volume V, in milliliter, en meng deeglik.

7.1.3 *Prosedure:* Filtreer drie deelvolumes van die toetsoplossing, wat elk ongeveer 2 mg askorbiensuur bevat, en doen kontrolebepalings vir korrigering van die titrerings soos in 7.1.1 (d), met gebruik van die regte volumes van die metafosforsuur- en asynsuuroplossing en water. Indien ongeveer 2 mg askorbiensuur in 'n deelvolume met 'n volume van minder as 7 mℓ bevat word, voeg van die metafosforsuur- en asynsuuroplossing by om 'n finale volume van 7 mℓ vir titrering te gee.

7.1.4 *Berekening:* Bereken die askorbiensuurgehalte van die produk in g/kg, soos volg:

$$\text{Askorbiensuur, } \mu\text{g/kg} = (X\text{–}B) \times \frac{F}{E} \times \frac{V}{Y} \times 10^3$$

where X = Average volume of indophenol solution obtained in the titration of the aliquots of the test solution, mℓ
B = average volume of blank titration, mℓ
F = milligrams of ascorbic acid equivalent to 1,0 mℓ of indophenol standard solution
E = mass of sample in volume V being assayed
V = volume of initial assay solution (see 7.1.2), mℓ
Y = volume of aliquot titrated, mℓ

7.2 DETERMINATION OF MERCURY CONTENT.

7.2.1 *Apparatus.*

(a) *An atomic absorption spectrophotometer* fitted with a mercury hollow cathode lamp.

(b) *A cold vapour absorption cell* fitted in place of the burner of the spectrophotometer (see Fig. 1).

(c) *A reaction flask:* A 150 mℓ Erlenmeyer or flat bottomed boiling flask fitted with a ground glass neck and mounted above a magnetic stirrer.

(d) *A diaphragm pump.*

(e) *An electric lamp* with 60 W bulb, mounted above the absorption cell to prevent condensation.

7.2.2 *Reagents.*

(a) *Hydrochloric acid,* concentrated (d at 25 °C/25 °C = 1,19).

(b) *Nitric acid,* concentrated (d at 25 °C/25 °C = 1,42).

(c) *Sulphuric acid,* concentrated (d at 25 °C/25 °C = 1,84).

(d) *Diluting acid solution:* An aqueous solution that contains 100 mℓ of the nitric acid and 50 mℓ of the sulphuric acid per litre.

(e) *Dilute hydrochloric acid:* Dilute one volume of the concentrated hydrochloric acid with nine volumes of water.

(f) *Stannous chloride solution:* Dissolve 20 g of crystalline stannous chloride ($S_n C1_2.2H_2O$) in 10 mℓ of the concentrated hydrochloric acid by warming and make up to 100 mℓ with water. Remove trace amounts of mercury by bubbling nitrogen through the solution for 10 minutes.

(g) *Mercury standard solutions:*

(1) *Stock solution, 1 000 mg/ℓ:* Dissolve 1,354 g of mercuric chloride in the dilute hydrochloric acid, and make up to 1 ℓ with the dilute hydrochloric acid. This solution is stable for at least one year.

(2) *Working solution, 5 mg/ℓ:* Dilute 1 mℓ of the stock solution to 2 mℓ with the dilute hydrochloric acid. This solution should be prepared daily.

7.2.3 *Preparation of sample:* Thaw the product in its container and pass the edible portion twice through a meat grinder. Mix the minced sample thoroughly using a pestle and mortar. Transfer enough of sample so prepared to a container with a lid or screw cap that can be tightly closed. Store in a refrigerator until the test is carried out.

7.2.4 *Procedure.*

(a) Transfer approximately 5 g of the prepared sample into a tared 250 mℓ Erlenmeyer flask, ensuring that this test specimen is placed at the bottom of the flask and that none of it adheres to the neck of the flask. Determine the mass of the specimen and flask, and note the mass of the test specimen.

(b) Add 10 mℓ of the concentrated nitric acid, 5 mℓ of the concentrated sulphuric acid and then 2 mℓ of the concentrated hydrochloric acid to the flask. Cover the flask with a suitable anti-splash device and when the initial reaction subsides place the flask on a boiling water bath for 40 minutes. Remove the flask from the water bath, allow to cool, transfer the test solution (i.e. the digested specimen) quantitatively to a 100 mℓ volumetric flask, and make up to volume with water.

waar X = gemiddelde volume van die indofenoloplossing wat by die titrering van die deelvolumes van die toetsoplossing verkry is, mℓ
B = gemiddelde volume van die kontroletitrering, mℓ
F = milligram askorbiensuur wat gelyk is aan 1,0 mℓ indofenolstandaardoplossing
E = massa van monster in volume V wat getoets word
V = volume van aanvanklike toetsoplossing (kyk 7.1.2), mℓ
Y = volume van deelvolume getitreer, mℓ

7.2 BEPALING VAN KWIKGEHALTE.

7.2.1 *Apparaat.*

(a) *'n Atoomabsorpsiespektrofotometer* uitgerus met 'n kwikholkatodelamp.

(b) *'n Kouedampabsorpsiebuis* wat in plaas van die brander van die spektrofotometer aangebring is (kyk Fig. 1).

(c) *'n Reaksiefles:* 'n 150-mℓ-Erlenmeyer- of platboomkookfles met 'n slypglasnek, en wat bo 'n magnetiese roerder gemonteer is.

(d) *'n Diafragmapomp.*

(e) *'n Elektriese lamp* met 'n 60-W-gloeilamp, bo die absorpsiesel gemonteer om kondensasie te verhoed.

(f) *'n Termostatiese beheer waterbad* wat by 70 °C gehou word.

7.2.2 *Reagense.*

(a) *Soutsuur,* gekonsentreer (d by 25 °C/25 °C = 1,19).

(b) *Salpetersuur,* gekonsentreer (d by 25 °C/25 °C = 1,42).

(c) *Swaelsuur,* gekonsentreer (d by 25 °C/25 °C = 1,84).

(d) *Verdunningsuuroplossing:* 'n Wateroplossing wat 100 mℓ salpetersuur en 50 mℓ swaelsuur per liter bevat.

(e) *Verdunde soutsuur:* Verdun 1 volume van die gekonsentreerde soutsuur met 9 volumes water.

(f) *Tin(II)chloriedoplossing:* Los 20 g kristallyntin(II) chloried ($Sn C1_20$) deur verhitting op in 10 mℓ van die gekonsentreerde soutsuur en vul tot 100 mℓ met water aan. Verwyder spoorhoeveelhede kwik deur stikstof 10 minute land deur die oplossing te laat borrel.

(g) *Kwikstandaardoplossings:*

(1) *Voorraadoplossing, 1 000 mg/mℓ:* Los 1,354 g kwik-(II)chloried in die verdunde soutsuur op en vul dit met die verdunde soutsuur tot 1 ℓ aan. Hierdie oplossing is stabiel vir minstens 1 jaar.

(2) *Werkoplossing, 5 mg/ℓ:* Verdun 1 mℓ van die voorraadoplossing tot 200 mℓ met die verdunde soutsuur. Hierdie oplossing moet daagliks berei word.

7.2.3 *Voorbereiding van monster:* Laat die produk in sy houer ontdooi en maal die eetbare gedeelte twee maal met 'n vleismeul. Meng die gemaalde monster deeglik deur van 'n vysel en stamper gebruik te maak. Plaas genoeg van die monster wat aldus voorberei is oor na 'n houer met 'n deksel of skroefdeksel wat dig toegemaak kan word. Bewaar in 'n koelkas totdat die toets uitgevoer word.

7.2.4 *Prosedure.*

(a) Plaas ongeveer 5 g van die voorbereide monster in 'n geweegde 250-mℓ-Erlenmeyerfles oor; maak seker dat hierdie toetseksemplaar op die boom van die fles geplaas word en dat niks daarvan aan die nek van die fles vaskleef nie.

Bepaal die massa van die eksemplaar en fles en teken die massa van die toetseksemplaar aan.

(b) Voeg 10 mℓ van die gekonsentreerde salpetersuur, 5 mℓ var die gekor ser treerde swaelsuur er dar 2 mℓ van die gekonsentreerde soutsuur in die fles by. Bedek die fles met 'n geskikte spatweertoestel en plaas die fles vir 40 minute in 'n kookwaterblad sodra die aanvangsreaksie afgeneem het. Verwyder die fles uit die waterbad en laat dit afkoel. Plaas die toetsoplossing (d.w.s. die verteerde eksemplaar) kwantitatief oor na 'n 100-mℓ- volumetriese fles en vul dit met water tot die regte volume aan.



Fig. 1—Apparatus for the Determination of Mercury Content
Fig. 1—Apparaat vir die Bepaling van Kwikgehalte

(c) Switch on the electric heating lamp and the mercury hollow cathode lamp and allow the instrument to equilibrate fully at a wavelength setting of 253,7 nm. Pipette 20 mℓ of the 100 mℓ test solution into the reaction flask. Connect the absorption cell, the reaction flask and the diaphragm pump in series and in a closed system by means of teflon tubing (see Fig. 1), minimizing dilution of the mercury vapour by using tubing of the smallest diameter and the shortest length practicable. Ensure that the distance between the lower end of the inlet tube and surface of the test solution in the reaction flask is at least 10 mm. Switch on the magnetic stirer and the diaphragm pump. Adjust the absorption reading on the spectrophotometer to zero. Switch off the stirrer and the pump. Disconnect the flask, add 3 mℓ of the stannous chloride solutuion to the test solution, reconnect the flask immediately, switch on the magnetic stirrer, continue stirring for 1 minute, and then switch on the diaphragm pump. Record the absorption reading as soon as it becomes stable. Remove the mercury vapour from the closed system by opening the reaction flask.

(d) Dilute 0,1, 0,2, 0,4, 0,6 and 0,8 mℓ volumes of the working standard to 100 mℓ with the diluting acid solution and repeat the procedure given in (c) above on each of these solutions. Plot a mercury standard calibration graph from the absorptions. Determine the mercury content of the aliquot of the test solution from the standard calibration graph.

7.2.5 *Calculation:* Calculate the mercury content of the product, in μg Hg/kg, as follows:

$$\text{Mercury content, mg/kg} = \frac{m \times 5 \times 10^3}{m_1}$$

where m = the mass of Hg in the aliquot at test solution, μg
m_1 = the mass of the test specimen, g

7.3 DETERMINATION OF SULPHUR DIOXIDE CONTENT.

7.3.1 *Apparatus.*

(a) *A suitable pH meter.*

(b) *Distillation apparatus (see Fig. 2):* A round-bottomed distillation flask A of capacity 1 ℓ, and having three parallel necks. A 100 mℓ dropping funnel G is fitted into the centre neck and through one of the side necks a steam delivery tube B passes to below the level of the liquid in the distillation flask A. The other side neck is connected by means of a splash-head C to the top-end socket of a vertically mounted double-surface condenser D. To the bottom-end cone of the condenser is connected a receiver adapter E that extends to within a few millimetres of the bottom of a 250 mℓ Erlenmeyer flask F.

7.3.2 *Reagents.*

(a) *Steam:* A convenient source of steam.

(b) *Hydrochloric acid,* concentrated. (d at 25 °C/25 °C = 1,19).

(c) *Hydrogen peroxide.* A 3 % (V/V) solution adjusted, by means of the pH meter, to pH 4.

(d) *Standard sodium hydroxide solution,* c(NaOH) = 0,1 mol/ℓ.

(c) Skakel die elektriese verhittingslamp en die kwikholkatodelamp aan en laat die instrument ten volle by 'n golflengteinstelling van 253,7 nm in ewewig kom. Pipetteer 20 mℓ van die 100 mℓ toetsoplossing in die reaksiefles. Verbind die absorpsiesel, reaksiefles en diafragmapomp in serie en in 'n geslote stelsel met behulp van teflonbuise (kyk Fig. 1). Beperk verdunning van die kwikdamp tot die minimum deur buise te gebruik met die kleinste diameter en die kortste lengte wat prakties moontlik is. Maak seker dat die afstand tussen die onderste punt van die invoerpyp en die oppervlak van die toetsoplossing in die reaksiefles minstens 10 mm is. Skakel die magnetiese roerder en die diafragmapomp aan. Stel die absorpsieaflesing op die spektrofotometer op nul. Skakel die roerder en die pomp af. Ontkoppel die fles en voeg 5 mℓ van die tin(II)chloriedoplossing by die toetsoplossing. Verbind die fles weer onmiddellik, skakel die magnetiese roerder aan, laat dit 1 minuut lank roer en skakel dan die diagragmapomp aan. Teken die absorpsieaflesing aan sodra dit stabiel word. Verwyder die kwikdamp uit die geslote stelsel deur die reaksiefles oop te maak.

(d) Verdun volumes van 0,1, 0,2, 0,4, 0,6 en 0,8 mℓ van die werkstandaard tot 100 mℓ met die verdunningsuuroplossing en herhaal die prosedure in (c) hierbo met elk van hierdie oplossings. Teken 'n kwikstandaardkalibreergrafiek van die absorpsies. Bepaal die kwikgehalte van die deelvolume van die toetsoplossing volgens die standaardkalibreergrafiek.

7.2.5 *Berekening:* Bereken die kwikgehalte van die produk in mg Hg/kg, soos volg:

$$\text{Kwikgehalte, mg/kg} = \frac{m \times 5 \times 10^3}{m_1}$$

waar m = die massa Hg in die deelvolume van die toetsoplossing, mg
m_1 = die massa van die toetseksemplaar.

7.3 BEPALING VAN SWAELDIOKSIEDGEHALTE.

7.3.1 *Apparaat.*

(a) *'n Geskikte pH-meter.*

(b) *Distilleerapparaat (kyk Fig. 2):* 'n Rondeboomdistilleerfles A met 'n inhoudsvermoë van 1 ℓ en met drie parallelle nekke. 'n 100-mℓ-druptregter G is in die middelste nek aangebring, en 'n stoomleweringsbuis B gaan deur een van die kantnekke tot onder die vlak van die vloeistof in die distilleerfles A. Die ander kantnek is deur middel van 'n spatkop C aan die bo-entsok van 'n vertikaal gemonteerde dubbelvlakkondensator D verbind. Aan die onderentkeël van die kondensator is 'n ontvangerpasstuk E verbind wat tot binne 'n paar millimeter van die boom van 'n 250-mℓ-Erlenmeyer-fles F strek.

7.3.2 *Reagense.*

(a) *Stoom:* 'n Gerieflike stoombron.

(b) *Soutsuur,* gekonsentreer (d by 25 °C/25 °C = 1,19).

(c) *Waterstofperoksied:* 'n 3 % (V/V)-oplossing wat met die pH-meter tot 'n pH-waarde van 4 aangesuiwer is.

(d) *Standaardnatriumhidroksiedoplossing,* c(NaOH) = 0,1 mol/ℓ.



Fig. 2—Apparatus for the Determination of Sulphur Dioxide Content
Fig. 2—Apparaat vir die Bepaling van Swaeldioksiedgehalte

7.3.3 *Procedure:* Introduce 25 mℓ of the hydrogen peroxide solution together with 25 mℓ of water into the receiver F. Introduce a suitable quantity of the test sample, accurately weighed, and about 200 mℓ of water into the distillation flask A through the centre neck and again fit the reduction adapter and the dropping funnel G. Add 20 mℓ of the hydrochloric acid through the funnel into the flask and close the funnel stopcock. Heat the mixture in the flask to boiling point, reduce the applied heat, and pass steam through the mixture until about 100 mℓ of distillate has collected in the receiver F. Open the stopcock of the dropping funnel, remove the receiver from below the receiver adaptor E, and wash the lower end of the adapter into the receiver. Titrate the liquid in the receiver F at room temperature with the sodium hydroxide solution to pH 6 using the pH meter.

7.3.4 *Calculation.*

$$\text{Sulphur dioxide, mg/kg} = \frac{V \times 3{,}2 \times 1\,000}{m}$$

V = volume of the standard sodium hydroxide solution used in the tiltration, mℓ
m = mass of the test sample, g

8. METHODS OF MICROBIOLOGICAL EXAMINATION.

8.1 GENERAL: Use aseptic techniques throughout the examination.

8.2 LABORATORY WARE.

8.2.1 *General:* All glassware must be resistant to repeated heat sterilization, and the glass must be free from inhibitory substances such as heavy metals and free alkali. Borosilicate glass with an expansion coefficient of less than 6×10^{-6} is recommended.

8.2.2 *Bottles (universal):* Bottles fitted with standard plastics or metal screw caps, and having a nominal capacity of—

(a) 30 mℓ;
(b) 100 mℓ;
(c) 250 mℓ;
(d) 500 mℓ; and
(e) 1 000 mℓ.

8.2.3 *Culture tubes:* Rimless cylindrical tubes with hemispherical ends, of nominal wall thickness 1,5 mm, and of the following sizes:

(a) Diameter 16 mm × 160 mm long; and
(b) diameter 20 mm × 200 mm long.

These tubes are to be plugged with cotton wool plugs or with plugs of foam rubber suitable for autoclaving. Alternatively, screw-capped tubes of similar dimensions may be used.

8.2.4 *Graduated pipettes:* Total delivery pipettes for bacteriological purposes only, having an outflow opening of diameter 2–3 mm and graduated in units of 0,1 mℓ, in sizes to deliver, 1,0 mℓ, 5,0 mℓ, and 10,0 mℓ.

8.2.5 *Petri dishes:* Petri dishes made of glass or of wettable polystyrene, and of the following sizes:

(a) Diameter 90 mm × 15 mm high;
(b) diameter 100 mm × 10 mm high; and
(c) diameter 150 mm × 20 mm high.

8.2.6 *Volumetric cylinders:* Graduated measuring cylinders with or without stoppers, and of capacity 5 mℓ, 10 mℓ, 100 mℓ, and 1 000 mℓ.

8.2.7 *Sample bottles:* Bottles with mouths of diameter 40–60 mm, with interchangeable ground-glass or plastics stoppers or lined metal closures, and of capacity 250–300 mℓ, diameter 70–80 mm, and height 120–150 mm.

7.3.3 *Prosedure:* Plaas 25 mℓ van die waterstofperoksiedoplossing saam met 25 mℓ water in die ontvanger F. Plaas 'n geskikte hoeveelheid van die toetsmonster, noukeurig geweeg, en ongeveer 200 mℓ water in die distilleerfles A deur die middelste nek en bring weer die verlooppasstuk en die druptregter G aan. Voeg 20 mℓ van die swaelsuur by deur die tregter in die fles en maak die tregterafsluitkraan toe. Verhit die mengsel in die fles tot kookpunt, verminder die aangewende hitte en laat stoom deur die mengsel gaan totdat ongeveer 100 mℓ distillaat in die ontvanger F versamel het. Maak die afsluitkraan van die druptregter oop, verwyder die ontvanger van onder die ontvangerpasstuk E en spoel die onderent van die passtuk in die ontvanger in af. Titreer die vloeistof in die ontvanger F by kamertemperatuur met die natriumhidroksiedoplossing tot pH 6 deur van die pH-meter gebruik te maak.

7.3.4 *Berekening.*

$$\text{Swaeldioksied, mg/kg} = \frac{V \times 3{,}2 \times 1\,000}{m}$$

V = volume van die standaardnatriumhidroksiedoplossing wat by die titrasie gebruik is, mℓ
m = massa van die toetsmonster, g

8. METODES VAN MIKROBIOLOGIESE ONDERSOEK.

8.1 ALGEMEEN: Aseptiese tegnieke moet deurgaans in die ondersoek gevolg word.

8.2 LABORATORIUMWARE.

8.2.1 *Algemeen:* Alle glasware moet bestand wees teen herhaalde hittesterilisering en die glas mag geen stremmende stowwe soos swaar metale en vry alkali bevat nie. Borosilikaatglas met 'n uitsettingskoëffisiënt van minder as 6×10^{-6} word aanbeveel.

8.2.2 *Bottels vir algemene gebruik:* Bottels met standaardplastiek- of metaalskroefdoppe en 'n nominale inhoudsvermoë van—

(a) 30 mℓ;
(b) 100 mℓ;
(c) 250 mℓ;
(d) 500 mℓ;
(e) 1 000 mℓ.

8.2.3 *Kultuurbuise:* Randlose silindriese buise met hemisferiese ente en met 'n nominale wanddikte van 1,5 mm, van die volgende groottes:

(a) Diameter 16 mm × 160 mm lank; en
(b) diameter 20 mm × 200 mm lank.

Hierdie buise moet toegeprop word met watteproppe of met proppe van skuimrubber wat vir outoklawing geskik is. So nie, kan skroefdophuise met dieselfde afmetings gebruik word.

8.2.4 *Gegradueerde pipette:* Totale afleweringspipette vir slegs bakteriologiese doeleindes, met 'n uitvloei-opening met 'n diameter van 2–3 mm, en wat in eenhede van 0,1 mℓ gegradueer is in groottes wat 1,0 mℓ, 5,0 mℓ en 10,0 mℓ lewer.

8.2.5 *Petribakkies:* Petribakkies van glas of van benatbare polistireen en van die volgende groottes:

(a) Diameter 90 mm × 15 mm hoog;
(b) diameter 100 mm × 20 mm hoog; en
(c) diameter 150 mm × 20 mm hoog.

8.2.6 *Volumetriese silinders:* Gegradueerde meetsilinders met of sonder proppe en met 'n inhoudsvermoë van 5 mℓ, 10 mℓ, 100 mℓ en 1 000 mℓ.

8.2.7 *Monsternemingsbottels:* Bottels met nekke met 'n diameter van 40–60 mm met uitruilbare proppe van geslypte glas of plastiek of gevoerde metaalsluitings en met 'n inhoudsvermoë van 250–300 mℓ, diameter van 70–80 mℓ en hoogte van 120–150 mℓ.

8.2.8 *Culture flasks:* Flasks or bottles with standard lined metal or plastics closures similar to those described in 8.2.2 and 8.2.7 but with holes of diameter 12–15 mm that can be plugged with cotton wool or other bacteria-trapping filters, drilled through the closures.

8.2.9 *Reagent bottles:* Bottles of capacity 50 mℓ and 100 mℓ, and having polypropylene or other plastics stoppers of such design that they can be used to deliver drops of the reagent.

8.2.10 *Small test tubes:* Rimless cylindrical tubes with hemispherical ends, a nominal wall thickness of 0,5 mm, a diameter of 6–7 mm, a length of 100 mm, and a capacity of 2,5–3,0 mℓ.

These tubes can also be used as long Durham tubes.

8.2.11 *Durham tubes:* Tubes as described in 8.2.10 but of length 35–45 mm and capacity 0,9–1,3 mℓ.

8.3 EQUIPMENT.

8.3.1 *Autoclave:* A pressure vessel capable of producing steam or connected to a central steam source, and capable of withstanding a pressure of 300 kPa and of attaining a temperature of 121 ± 2 °C within 10 minutes from the beginning of the sterilization cycle.

8.3.2 *Incubators and water baths:* Incubators and water baths having thermostatically controlled heating and cooling devices, and so fitted with means of circulation that the temperature of the total enclosed space is maintained within 2 °C of the thermostat setting.

8.3.3 *Hot air oven (for sterilization by means of dry heat):* A thermostatically controlled oven heated by electricity or gas, and so fitted with means of circulation that the temperature of the total enclosed space is maintained at 170 ± 5 °C, the heat supply being such that working temperature is regained within 10 minutes of the oven door being momentarily opened and then closed.

8.3.4 *Homogenizer:* A mechanical mixing machine of either a rotating or a pulsating type, and having sterilizable containers in which a homogeneous dispersion of the sample and the prescribed diluent can be produced. The sterilizable containers may be of glass, metal, or a suitable plastics material. The homogenizing procedure must not reduce the number and viability of the micro-organisms in the sample.

8.3.5 *Glass spreaders.*

8.4 MEDIA AND REAGENTS.

8.4.1 *General.*

8.4.1.1 *Water:* Use only glass-distilled water, or demineralized water of equivalent purity, that is clear, colourless and free from visible suspended matter, and of which the pH value, measured at 25 °C, is in the range 5,0–7,5 and the specific resistance at 20 °C is greater than 100 kΩ/cm.

8.4.1.2 *Quality of ingredients:* Use only ingredients of quality acceptable for microbiological purposes for the preparation of the media and reagents. All salts are anhydrous unless otherwise stated.

8.4.1.3 *Accuracy:* Except where otherwise directed, apply the following tolerances:

	Tolerance, plus or minus
(a) On temperatures	0,5 °C
(b) On masses	1,0%
(c) On volumes	1,0%
(d) On pH values	0,1 pH unit

8.2.8 *Kultuurflesse:* Flesse of bottels met standaardgevoerde metaal- of plastieksluitings soortgelyk aan dié wat in 8.2.2 en 8.2.7 beskryf is, maar met gate met 'n diameter van 12–15 mm wat deur die sluitings geboor is en wat met watte of ander bakterievangfilters toegeprop kan word.

8.2.9 *Reagensbottels:* Bottels met 'n inhoudsvermoë van 50 mℓ en 100 mℓ en met polipropileen- of ander plastiekproppe wat van sodanige ontwerp is dat hulle gebruik kan word om druppels van die reagens te lewer.

8.2.10 *Klein proefbuise:* Randlose silindriese buise met hemisferiese ente, 'n nominale wanddikte van 0,5 mm, 'n diamter van 6–7 mm, 'n lengte van 100 mm en 'n inhoudsvermoë van 2,5–3,0 mℓ.

Hierdie buise kan ook as lang Durham-buise gebruik word.

8.2.11 *Durham-buise:* Buise soos in 8.2.10 beskryf, maar 35–45 mm lank en met 'n inhoudsvermoë van 0,9–1,3 mℓ.

8.3 UITRUSTING.

8.3.1 *Outoklaaf:* 'n Drukhouer wat stoom kan produseer of wat met 'n sentrale stoombron verbind is, wat 'n druk van 300 kPa kan deurstaan en 'n temperatuur van 121 ± 2 °C binne 10 minute vanaf die begin van die sterilisasiesiklus kan bereik.

8.3.2 *Broeikaste en waterbaddens:* Broeikaste en waterbaddens met termostaties beheerde verhittings- en verkoelingstoestelle en wat van sodanige sirkulasiemiddele voorsien is dat die temperatuur van die geheel van die ingeslote ruimte binne 2 °C van die termostaatstelling gehou kan word.

8.3.3 *Warmlugoond (vir sterilisasie deur middel van droë hitte):* 'n Termostaties beheerde oond wat deur elektrisiteit of gas verhit word en wat van sodanige sirkulasiemiddele voorsien is dat die temperatuur van die geheel van die ingeslote ruimte by 170 ± 5 °C gehou word. Die hittetoevoer moet sodanig wees dat die werktemperatuur binne 10 minute nadat die oonddeur vir 'n oomblik oop- en daarna toegemaak is, herwin kan word.

8.3.4 *Homogeniseerder:* 'n Meganiese mengmasjien van òf 'n draai- òf polstipe met steriliseerbare houers waarin 'n homogene verspreiding van die monster en die voorgeskrewe verdunner verky kan word. Die steriliseerbare houers kan van glas, metaal of 'n geskikte plastiekmateriaal wees. Die homogeniseerprosedure mag nie die getal en lewensvatbaarheid van die mikroörganismes in die monster verminder nie.

8.3.5 *Glasspreiers.*

8.4 MEDIA EN REAGENSE.

8.4.1 *Algemeen.*

8.4.1.1 *Water:* Gebruik slegs glasgedistilleerde water of gedemineraliseerde water van ekwivalente suiwerheid wat helder, kleurloos en vry van sigbare stowwe in suspensie is en waarvan die pH-waarde, by 25 °C gemeet, in die bestek 5,0–7,5 is en waarvan die spesifieke weerstand by 20 °C 100 kΩ/cm oorskry.

8.4.1.2 *Kwaliteit van bestanddele:* Gebruik vir die bereiding van die media en reagense slegs bestanddele van 'n kwaliteit wat vir mikrobiologiese doeleindes aanneemlik is. Alle soute is anhidries, tensy ander vermeld.

8.4.1.3 *Noukeurigheid:* Tensy daar anders aangedui word, geld die volgende toleransies:

	Toleransie, plus of minus
(a) Op temperatuur	0,5 °C
(b) Op massa	1,0 %
(c) Op volume	1,0 %
(d) Op pH-waardes	0,1 pH-eenheid

8.4.1.4 *Dehydrated media:* Many of the media required are obtainable in dehydrated form and for uniformity of results the use of such media is recommended. If these are used, strictly follow the manufacturer's instructions regarding their reconstitution and sterilization.

8.4.1.5 *Adjustment of pH value:* Where the final pH value of a medium or reagent is specified, the pH value should, if necessary, be so adjusted during preparation and, in the case of media, before sterilization, that after preparation the required pH value measured at 25 °C is obtained. Unless otherwise directed, use a solution of 36 g/ℓ of hydrochloric acid or of 40 g/ℓ of sodium hydroxide, as appropriate, to adjust the pH values.

8.4.1.6 *Dispensing:* When directed to dispense specified quantities of media into bottles, use Universal bottles [8.2.2 (a)] or culture tubes [8.2.3 (b)]. When directed to sterilize in bulk, use any suitable glass container of the required quality (8.2.1). Dispense reagents into reagent bottles. Stir media constantly while dispensing. Whenever the preparation of slopes for surface cultivation is required, dispense the medium in 10 mℓ quantities and sterilize as directed. Immediately after sterilization, and while the medium is still melted, place the bottles or, when relevant, the test tubes on a 1 in 4 sloped surface and allow the agar to solidify.

8.4.1.7 *Sterilization:* When sterilization by autoclaving is specified and unless otherwise directed, autoclave the medium at 121 ± 2 °C for 20 minutes. (This temperature corresponds to a pressure of 103 kPa above atmospheric pressure at sea level, i.e. 207 kPa absolute.)

8.4.1.8 *Control of prepared media:* Ensure by suitable incubation tests that prepared media are sterile and are capable of supporting the growth of the relevant organisms under the stated conditions of incubation.

8.4.1.9 *Storage:* Ensure that prepared media are carefully protected from exposure to heat and sunlight and have not evaporated or changed in concentration or pH value and that, unless otherwise specified, they are used within three months of preparation.

8.4.2 *Buffered isotonic peptone water (diluent).*

Ingredients	*g*
Peptone	10
Disodium phosphate dodecahydrate	9
Sodium chloride	5
Monopotassium phosphate	1,5

Dissolve the ingredients in water, adjust the pH value to 7,0 and dilute the solution to 1 ℓ. Dispense as follows:

(a) 9 mℓ volumes into bottles [8.2.2 (a)];
(b) 99 mℓ volumes into bottles [8.2.2 (b)]; and
(c) into bulk containers.

Sterilize by autoclaving.

8.4.3 *Plate-count agar.*

Ingredients	*g*
Agar	15
Pancreatic digest of casein (tryptone)	5
Yeast extract	2,5
Glucose	1

Dissolve the ingredients in water by boiling, cool to 50 °C, adjust the pH value to 7,2 and dilute the solution to 1 ℓ. Dispense 15 mℓ volumes into bottles [8.2.2 (a)] and sterilize by autoclaving.

8.4.4 *Crystal violet neutral red lactose bile agar.*

Ingredients	*g*
Agar	15
Lactose	10
Peptone	7

8.4.1.4 *Ontwaterde media:* Baie van die media wat nodig is, is verkrygbaar in ontwaterde vorm en die gebruik van sodanige media word vir eenvormigheid van resultate aanbeveel. Indien dit gebruik word, moet die fabrikant se aanwysings vir die herkonstituering en sterilisering daarvan streng gevolg word.

8.9.2 *Selection procedure:* After incubation for 24–25 hours, mark on the bottom of the plates the positions of any typical colonies present. Typical colonies are black, shining and convex (1–1,5 mm diam.), and surrounded by a clear zone that may be partially opaque. An opalescent ring immediately in contact with the colonies may appear in this clear zone.

Re-incubate all plates at 43 °C for a further 2224 hours, and mark any new typical colonies.

Take for enumeration only those plates that contain between 15 and 150 typical or atypical colonies. Select for confirmation (8.9.3) five typical of five atypical colonies, as the case may be, from each plate.

If there are less than 15 typical or atypical colonies present on the plates inoculated with the 10^{-1} dilution of the sample (8.5.2), retain all the plates that contain any typical or atypical colonies. Select all such colonies for confirmation (8.9.3).

8.9.3 *Confirmation tests:* The selection procedure (8.9.2) is dependent on the use of elevated temperatures (43 °C) for incubation, and will facilitate the confirmation of the identity of: *Staphylococcus aureus*.

8.8 FEKALE KOLIVORMIGE BAKTERIEË.

8.8.1 *Gekookte en rou produkte.*

(a) Pipetteer 1 mℓ van die verspreide monster (8.5.2) in elk van twee bottels van die briljantgroen-galmedium (8.4.5) en inkubeer hulle oornag by 37 °C.

(b) Indien die medium gas voortbring, soos aangedui deur gas in die Durham-buis, gebruik 'n platinadraadogie om uit elke bottel een ogievol in 'n verdere bottel briljantgroen-galmedium (8.4.5) en een ogievol in 'n bottel triptoontriptofaanmedium (8.4.7) wat albei vooraf tot 44 °C verhit is, te subkultuur. Inkubeer albei hierdie subkulture oornag by 44 ± 0,25 °C in 'n waterbad. Indien die kultuur in die briljantgroen-galmedium gas voortbring en die triptoontriptofaanmedium 'n rooi verkleuring lewer wanneer dit met 0,1–0,5 mℓ Kovacs-reagens (8.4.8) gemeng word deur dit liggies te skud, beskou die kultuur as 'n kultuur van fekale kolivormige bakterieë.

8.8.2 *Rou produkte:* Pipetteer 100 mℓ van die verspreide monster (8.5.2) in elk van twee bottels van die dubbele sterkte briljantgroen-galmedium (8.4.6) en inkubeer hulle oornag by 37 °C. Ondersoek en bevestig kulture waaroor daar twyfel bestaan soos in 8.8.1 (b) beskryf. Volgens hierdie metode word vasgestel of daar lewensvatbare fekale kolivormige bakterieë in 10 g van die monster aanwesig is of nie. Dit beteken dat so min as een organisme per 10 g 'n positiewe resultaat kan oplewer.

8.9 *STAPHYLOCOCCUS AUREUS.*

8.9.1 *Uitplaatprosedure:* Plaas met 'n steriele pipet 1,0 mℓ van die verspreiding van die monster (8.5.2) na die oppervlakke van drie agarplate [Baird-Parker-agar (8.4.9)] oor en versprei die monster egalig op die drie plate. Beskou tydens die telprosedure hierdie drie plate as een; hulle verteenwoordig die 10^{-1}-verdunning van die verspreidingsmonster. Dupliseer die 10^{-1}-verspreidingsmonster. Herhaal deur elk van twee plate (8.4.9) met 0,1 mℓ van die verspreidingsmonster (8.5.2) te inokuleer, wat verteenwoordigend van die 10^{-2}-verdunning is.

Versprei die inokulum sorgvuldig met behulp van afsonderlik gebruikte steriele glasspreiers (8.3.5) so vinnig moontlik oor die oppervlak van elk van agt agarplate en probeer om nie aan die kante van die bakkies te raak nie. Laat die plate met hul deksels op ongeveer 15 minute lank by kamertemperatuur droog word. Keer die plate om en inkubeer hulle 24–48 uur lank by 43 °C in die inkubator.

8.9.2 *Seleksieprosedure:* Nadat die plate 24–25 uur lank geïnkubeer is, merk aan hul onderkante die posisies van enige tipiese kolonies wat teenwoordig is. Tipiese kolonies is swart, blink en konveks (1–1,5 mm in diam.) en omring deur 'n skoon sone wat gedeeltelik ondeursigtig kan wees. 'n Melkagtige kring wat direk met die kolonies in aanraking is, kan in hierdie skoon sone voorkom.

Inkubeer alle plate weer by 43 °C vir 'n verdere 22–24 uur en merk enige nuwe tipiese kolonies.

Neem vir teldoeleindes slegs dié plate in ag wat tussen 15 en 150 tipiese of atipiese kolonies bevat. Selekteer vir bevestiging (8.9.3) vyf tipiese of vyf atipiese kolonies, na gelang van die geval, van elke plaat.

Indien daar minder as 15 tipiese of atipiese kolonies aanwesig is op die plate wat met die 10^{-1}-verdunning van die monster (8.5.2) geïnokuleer is, hou al die plate wat enige tipiese of atipiese kolonies bevat. Selekteer alle sodanige kolonies vir bevestiging (8.9.3).

8.9.3 *Bevestigingstoetse:* Die seleksieprosedure (8.9.2) hang af van die gebruik van verhoogde temperature (43 °C) vir inkubasie en sal die bevestiging van die identiteit van *Staphylococcus aureus* vergemaklik.

Spot inoculate each of the selected typical and/or atypical colonies selected from the Baird-Parker culture plates (8.9.2), onto a plate of mannitol salt phenol red agar (8.4.12) and a plate of DNase test agar (8.4.14). Use a heavy inoculum. Incubate the plates at 37 °C for 48 hours.

After incubation flood the surface of the DNase test agar plate with dilute judrpcj-proc acod of concentration c(HC1)=about 1 mol/ℓ. The DNA will precipitate out and cause the medium to become turbid. Clear zones will develop around positive colonies.

Inspect the mannitol salt phenol red agar plates for colonies developing a yellow colour with a clear yellow zone around the colony. This would indicate conversion of mannitol to acid.

Staphylococcus aureus can be positively identified if growth from a selected colony (8.9.2) shows a positive DNase reaction and produces acid as a breakdown product of mannitol.

8.9.4 Calculation of the *Staphylococcus aureus* count: For plates (8.9.2) containing positively identified typical and/or atypical colonies, calculate the number of *Staphylococcus aureus* for each dilution from the percentage of *Staphylococcus aureus* identified from the selected colonies during the confirmation tests (8.9.3). Calculate the average number of *Staphylococcus aureus* from the duplicate plates or from consecutive dilutions. Round numbers less than 100 to the nearest multiple of five, and round those greater than 100 and ending in 5, to the nearest multiple of 20. If the number is greater than 100 and does not end in 5, round it to the nearest multiple of 10.

Multiply the average so obtained by the reciprocal of the inoculum volume and then by the reciprocal of the corresponding dilution of the test sample to obtain the number of *Staphylococcus aureus* per gram or millilitre of sample.

8.10 *SALMONELLA*.

8.10.1 *Pre-enrichment:* Transfer 25 mℓ volumes of the dispersion (8.5.2) into each of two sterile 250 mℓ flasks. Incubate the flasks at 37 °C for not less than two hours and not more than six hours.

8.10.2 *Selective enrichment:* Transfer the entire contents of one of the flasks of the pre-enriched dispersion (8.10.1) into a flask containing 100 mℓ of the tetrathionate medium (8.4.18), and the entire contents of the other flask (8.10.1) into a flask containing 100 mℓ of the selenite medium (8.4.19). Incubate the inoculated tetrathionate medium for up to 48 hours at 43 °C and the inoculated selenite medium for up to 48 hours at 37 °C. After 18–24 hours of incubation and without shaking the contents of the flasks, proceed with the diagnostic plating.

8.10.3 *Diagnostic plating*.

(a) Using a platinum wire loop of 4 mm internal diameter, remove two loopfuls of the culture in the tetrathionate medium from the upper surface of the medium and streak each over the surface of a plate of the brilliant green phenol red agar (8.4.20). Then mix the contents of the flask and repeat the diagnostic plating with two further loopfuls on to two further plates. Perform the isolated colonies. Suitably label the diagnostic plates to identify which of the two methods of sampling was used. Invert the plates and incubate them for 18–24 hours at 37 °C.

It is claimed that motile *Salmonella* organisms migrate to the upper surface of the enrichment media. Sampling the undisturbed surface would therefore increase the probability of their detection. Streak similar plates in the same way with the culture in the selenite medium.

Doen 'n kol-inokulering van elk van die geselekteerde tipiese of atipiese kolonies wat van die Baird-Parker-kultuurplate (8.9.2) geselekteer is op 'n plaat met mannitolsout-fenolrooi-agar (8.4.12) en 'n plaat met DNase-toetsagar (8.4.14). Gebruik 'n swaar inokulum. Inkubeer dié plate 48 uur lank by 37 °C.

Spoel na inkubasie die oppervlak van die DNase-toetsagarplaat af met verdunde soutsuur met 'n konsentrasie van c(HC1)=ongeveer 1 mol/ℓ. Die DNA sal uitpresipiteer en veroorsaak dat die medium troebel word. Skoon sones sal om positiewe kolonies ontwikkel.

Ondersoek die mannitolsout-fenolrooi-agarplate vir kolonies wat 'n geel kleur met 'n skoon geel sone om die kolonie ontwikkel. Dit sal op 'n verandering van mannitol in suur dui. *Staphylococcus aureus* kan positief geïdentifiseer word indien groei van 'n geselekteerde kolonie (8.9.2) 'n positiewe DNase-reaksie toon en suur as 'n afbreekproduk van mannitol lewer.

8.9.4 *Berekening van die* Staphylococcus aureus-*telling:* Vir plate (8.9.2) wat positief geïdentifiseerde tipiese of atipiese kolonies bevat, bereken die getal *Staphylococcus aureus* vir elke verdunning volgens die persentasie *Staphylococcus aureus* wat tydens die bevestigingstoetse (8.9.3) uit die geselekteerde kolonies geïdentifiseer is. Bereken die gemiddelde getal *Staphylococcus aureus* volgens die duplikaatplate of volgens opeenvolgende verdunnings. Benader getalle van minder as 100 tot die naaste veelvoud van 5 en benader dié wat 100 oorskry en op 5 eindig tot die naaste veelvoud van 20. Indien die getal 100 oorskry en nie op 'n 5 eindig nie, benader dit tot die naaste veelvoud van 10.

Vermenigvuldig gemiddelde wat aldus verkry is, met die resiprook van die inokulumvolume en dan met die resiprook van die ooreenstemmende verdunning van die toetsmonster om die getal *Staphylococcus aureus* per gram of millimeter van die monster te verkry.

8.10 *SALMONELLA*.

8.10.1 *Voorverryking:* Plaas 25-mℓ-volumes van die verspreiding (8.5.2) oor na elk van twee steriele 250-mℓ-flesse. Inkubeer die flesse minstens twee uur en hoogstens drie uur lank by 37 °C.

8.10.2 *Selektiewe verryking:* Plaas die volle inhoud van een van die flesse van die vooraf verrykte verspreiding (8.10.1) oor na 'n fles wat 100 mℓ van die tetrationaatmedium (8.4.18) bevat en die volle inhoud van die ander fles (8.10.1) na 'n fles wat 100 mℓ van die selenietmedium (8.4.19) bevat. Inkubeer die geïnokuleerde tetrationaatmedium vir tot 48 uur by 43 °C en die geïnokuleerde selenietmedium vir tot 48 uur by 37 °C. Gaan na 18–24 uur van inkubasie en sonder om die inhoud van die flesse te skud voort met die diagnostiese uitplating.

8.10.3 *Diagnostiese uitplating*.

(a) Gebruik 'n platinadraadogie met 'n binnediameter van 4 mm, verwyder twee ogiesvol van die kultuur in die tetrationaatmedium uit die boonste oppervlak van die medium en smeer elk oor die oppervlak van 'n plaat van die briljantgroen-fenolrooi-agar (8.4.20). Meng dan die inhoud van die fles en herhaal die diagnostiese uitplating met nog twee ogiesvol op nog twee plate. Voer die smering op so 'n wyse uit dat dit ontwikkeling van goed geïsoleerde kolonies sal aanhelp. Etiketteer die diagnostiese plate op geskikte wyse sodat daar bepaal kan word watter van die twee monsternemingsmetodes gevolg is. Draai die plate om en inkubeer hulle 18–24 uur lank by 37 °C.

Daar word beweer dat beweeglike *Salmonella*-organismes na die oppervlak van die verrykingsmedium beweeg. Monsterneming van die onversteurde oppervlak sal dus die moontlikheid van die opsporing van dié organismes verhoog. Smeer soortgelyke plate op dieselfde wyse met die kultuur in die selenietmedium.

(b) Return both the cultures in the selenite medium and tetrathionate medium flasks to their respective incubators for a further 24 hours.

At the end of this incubation period, repeat the diagnostic plating on to a further series of plates and incubate these plates also for 18–24 hours at 37 °C.

(c) After incubation examine the plates for presumptive colonies of *Salmonella* organisms. If growth on the plates is scant or if no suspicious colonies are present, incubate the plates for a further 20–24 hours and re-examine them. Subject any suspect colony to further examination. The recognition of colonies of *Salmonella* organisms is a matter of experience, and their appearance differs on the two diagnostic media and from species to species, as well as from batch to batch of medium.

8.10.4 *Confirmation of suspect colonies:* Select five colonies of each type of suspected *Salmonella* organisms on each plate, or all such colonies, whichever are the fewer.

Streak each of the selected colonies on to the dried surface of a nutrient agar plate (8.4.21) in a manner that will assist the development of well isolated colonies. Incubate the plates at 37 °C for 18–24 hours. Examine the colonies developing on the plates for uniformity of characteristics, and in this way establish whether the culture under examination is pure. It is of paramount importance that the culture to be subjected to further test work should be pure. If in doubt, streak a well separate colony on to the dried surface of a further plate of nutrient agar. Incubate this plate at 37°C for 18–24 hours and examine as above. If necessary, repeat this procedure until the purity of the culture is established beyond reasonable doubt. Subject this culture to further tests, taking care to avoid contamination of the culture with other micro-organisms.

8.10.5 *Biochemical confirmation.* Using a platinum needle, subculture the pure culture (8.10.4) on or into the following media:

(a) *Triple sugar iron agar.* Stab the culture into the butt and streak it on to the agar slope surface of the triple sugar iron agar (8.4.23). Incubate for 24–40 hours at 37 °C and examine.

Classify the results as follows:

Butt:

Yellow colour	Glucose converted.
No change or red colour	Glucose not converted.
Black colour	Hydrogen sulphide produced.
Gas bubbles or cracks	Gas produced from glucose.

Slope:

Yellow colour	Aerobic conversion of lactose or sucrose or both.
No change or red colour	Neither lactose nor sucrose converted.

(b) *Urease production:* Streak the pure culture (8.10.4) on to the agar slope surface of urea agar (8.4.23). Incubate for 24–48 hours at 37 °C and examine. The splitting of urea produces ammonia which changes the colour of the medium to pink, and later to cherry red.

(c) *Lysine decarboxylation:* Inoculate a loopful of the pure culture (8.10.4) just below the surface of the lysine decarboxylation medium (8.4.25), incubate for 18–24 hours

(b) Plaas albei die kulture in die selenietmedium- en tetrationaatmediumflesse vir nog 24 uur terug in hul onderskeie inkubators.

Herhaal aan die einde van hierdie inkubasietydperk die diagnostiese uitplating op nog 'n reeks plate en inkubeer hierdie plate ook 18–24 uur lank by 37 °C.

(c) Ondersoek na inkubasie die plate vir vermeerde kolonies van *Salmonella*-organismes. Indien die groei op die plate gering is of indien geen verdagte kolonies aanwesig is nie, inkubeer die plate vir 'n verdere 20–24 uur en ondersoek hulle weer. Onderwerp enige verdagte kolonie aan verdere ondersoek. Die herkenning van kolonies van *Salmonella*-organismes is 'n saak van ondervinding en die voorkoms daarvan verskil op die twee diagnostiese media en van spesie tot spesie sowel as van produksielot tot produksielot van die medium.

8.10.4 *Bevestiging van verdagte kolonies:* Kies vyf kolonies van elke tipe verdagte *Salmonella*-organisme op elke plaat of al sodanige kolonies, wat ook al die minste is.

Stryk elk van die gekose kolonies op die gedroogde oppervlak van 'n voedingsagarplaat (8.4.21) op 'n wyse wat die ontwikkeling van goed geïsoleerde kolonies sal aanhelp. Inkubeer die plate 18–24 uur lank by 37 °C. Ondersoek die kolonies wat op die plate ontwikkel vir eenvormigheid van eienskappe en stel op hierdie wyse vas of die kultuur wat ondersoek word, "suiwer" is. Dit is van die grootste belang dat die kultuur wat aan verdere toetswerk onderwerp gaan word, suiwer is. Indien daar twyfel bestaan, stryk 'n deeglik geïsoleerde kolonie op die gedroogte oppervlak van 'n verdere plaat voedingsagar.

Inkubeer hierdie plaat 18–24 uur lank by 37 °C en ondersoek soos hierbo. Herhaal indien nodig hierdie prosedure totdat die suiwerheid van die kultuur bo redelike twyfel vasgestel is. Onderwerp hierdie kultuur aan verdere toetse en dra sorg om besmetting van die kultuur met ander mikroorganismes te vermy.

8.10.5 *Biochemiese bevestiging.* Gebruik 'n platinanaald en subkultuur die suiwer kultuur (8.10.4) op of in die volgende media:

(a) *Driesuikerysteragar.* Steek die kultuur in die stuikent en smeer dit op die agarskuinsteoppervlak van die driesuikerysteragar (8.4.23). Inkubeer 24–40 uur lank by 37 °C en ondersoek.

Klassifiseer die resultate soos volg:

Stuikent:

Geel kleur	Glukose omgeset.
Geen verandering of rooi kleur	Glukose nie omgeset nie.
Swart kleur.....	Waterstofsulfied voortgebring.
Gasborrels of barste.....	Gas uit glukose voortgebring.

Skuinste:

Geel kleur	Aërobiese omsetting van laktose of sukrose of albei.
Geen verandering of rooi kleur	Nòg laktose nòg sukrose omgeset.

(b) *Ureasevoortbringing:* Stryk die suiwer kultuur (8.10.4) op die agarhellingoppervlak van ureumagar (8.4.23). Inkubeer 24–48 uur lank by 37 °C en ondersoek. Die splitsing van ureum bring ammonium voort wat die kleur van die medium na pienk en later na kersierooi verander.

(c) *Lisiendekarboksilering:* Inokuleer 'n ogievol van die suiwer kultuur (8.10.4) net onder die oppervlak van die lisiendekarboksilasiemedium (8.4.25), inkubeer 18–24 uur

at 37 °C, and examine. The decarboxylation of lysine produces cadaverine which changes the colour of the medium to purple. A yellow colour or unchanged medium indicates absence of lysine decarboxylation.

(d) *Beta galactosidase production:* Suspend a small quantity of the bacterial material from the culture under test in 0,25 mℓ of the saline solution (8.4.31) in a small test tube. Add a drop of toluene to this suspension, and heat the tube for five minutes in a water bath maintained at 37 °C. Add 0,25 mℓ of the beta galactosidase reagent (8.4.26) to the suspension and mix. Incubate the tube at 37 °C for at least 24 hours and examine at intervals. A yellow coloration, indicating a positive reaction, may occur within 20 minutes. Do not regard the reaction as negative until incubation for 24 hours is completed.

(e) *Indole production:* Inoculate a bottle of tryptone-tryptophane medium (8.4.7) with the culture under test. Incubate at 37 °C for 24 hours. After incubation add 0,5 mℓ of the Kovacs reagent (8.4.8) to the contents of the bottle. The forming of a red coloration indicates a positive reaction.

(f) *Voges-Proskauer reaction:* Inoculate each of two tubes of the Voges-Proskauer medium (8.4.27) with the culture under test. Incubate one tube at room temperature and the other at 37 °C for 24 hours. After incubation add two drops of the creatine solution (8.4.28), three drops of the alpha naphthol solution (8.4.29) and then two drops of the potassium hydroxide solution (8.4.30) to each tube, mixing the contents after each addition. The development of a pink to bright red coloration within 15 minutes indicates a positive reaction.

(g) *Oxidase reaction:* Apply a small quantity of bacterial material from the culture under test to a cytochrome oxidase test strip (8.4.22) and rub it well into the reaction area. Allow to stand for about 30 seconds. A blue coloration indicates a positive reaction.

8.10.6 *Interpretation of results.*

Reaction	*Percentage of* Salmonella *types showing a positive reaction*
(1) Acid from glucose	100,0
(2) Gas from glucose	91,9
(3) Acid from lactose	0,8
(4) Acid from sucrose	0,5
(5) Hydrogen sulphide production	91,6
(6) Urease production	0,0
(7) Lysine decarboxylation	94,5
(8) Beta galactosidase production	1,5
(9) Indole production	1,1
(10) Voges-Proskauer reaction	0,0
(11) Oxidase reaction	0,0

8.10.7 *Serological confirmation:* Where suitable polyvalent *Salmonella* "O" and "H" anti-sera and anti-"Vi" sera (8.4.32–34)are available, examine the suspect colonies (8.10.4) grown on nutrient agar (8.4.21) for the presence of *Salmonella* "O" and for "H" antigens and "Vi" antigens by slide agglutination. Bear in mind, however, that the results of serological tests should not be solely relied upon for confirmation and should be assessed together with the results obtained by biochemical confirmation.

8.10.8 *Interpretation of the results.*

(a) *Polyvalent "O" serum:*

(1) Where the result is negative, it is almost certain that no *Salmonella* is present. The only exception is that a culture might have a new, not yet included, "O" antigen.

(2) Where the result is positive, it is only an indication that the culture could be from the genus *Salmonella*.

lank by 37 °C en ondersoek. Die dekarboksilering van lisien bring kadawerien voort wat die kleur van die medium na pers verander. 'n Geel kleur of onveranderde medium dui op die afwesigheid van lisiendekarboksilering.

(d) *Beta-galatosidasevoortbringing:* Suspendeer 'n klein hoeveelheid van die bakteriemateriaal uit die kultuur wat getoets word in 0,25 mℓ van die soutoplossing (8.4.31) in 'n klein proefbuisie. Voeg 'n druppel tolueen by hierdie suspensie en verhit die buis vyf minute lank in 'n waterbad wat by 37 °C gehou word. Voeg 0,25 mℓ van die beta-galaktosidasereagens (8.4.26) by die suspensie en meng. Inkubeer die buis minstens 24 uur lank by 37 °C en ondersoek met tussenpose. 'n Geel verkleuring, wat 'n positiewe reaksie aandui, kan binne 20 minute voorkom. Moenie hierdie reaksie as negatief beskou alvorens die inkubasietydperk van 24 uur voltooi is nie.

(e) *Indoolvoortbringing:* Inokuleer 'n bottel triptoontriptofaanmedium (8.4.7) met die kultuur wat getoets word. Inkubeer 24 uur lank by 37 °C. Voeg na inkubasie 0,5 mℓ van die Kovacsreagens (8.4.8) by die inhoud van die bottel. Die vorming van 'n rooi verkleuring dui op 'n positiewe reaksie.

(f) *Voges-Proskauer-reaksie:* Inokuleer elk van twee buise van die Voges-Proskauer-medium (8.4.27) met die kultuur wat getoets word. Inkubeer een buis 24 uur lank by kamertemperatuur en die ander by 37 °C. Voeg na inkubasie twee druppels van die alfanaftoloplossing (8.4.29) en dan twee druppels van die kaliumhidroksiedoplossing (8.4.30) by elke buis en meng die inhoud van elke byvoeging. Die ontwikkeling van 'n pienk tot helderrooi verkleuring binne 15 minute dui 'n positiewe reaksie aan.

(g) *Oksidasereaksie:* Wend 'n klein hoeveelheid bakteriemateriaal van die kultuur wat getoets word, op 'n sitochroomoksidasetoetsstrook (8.4.22) aan en vryf dit goed in die reaksiegebied in. Laat ongeveer 30 sekondes lank staan. 'n Blou verkleuring dui 'n positiewe reaksie aan.

8.10.6 *Vertolking van resultate.*

Reaksie	*Persentasie* Salmonella-*tipes wat 'n positiewe reaksie toon*
(1) Suur van glukose	100,0
(2) Gas van glukose	91,9
(3) Suur van laktose	0,8
(4) Suur van sukrose	0,5
(5) Waterstofsulfiedvoortbringing	91,6
(6) Ureasevoortbringing	0,0
(7) Lisiendekarboksilering	94,5
(8) Beta-galaktosidasevoortbringing	1,5
(9) Indoolvoortbringing	1,1
(10) Voges-Proskauer-reaksie	0,0
(11) Oksidasereaksie	0,0

8.10.7 *Serologiese bevestiging:* Waar geskikte polivalente *Salmonella*-"O"- en -"H"-antiserums en anti-"V"-serums (8.4.32–34) beskikbaar is, ondersoek die verdagte kolonies (8.10.4) wat op voedingsagar (8.4.21) gegroei het, vir die aanwesigheid van *Salmonella*-"O"- en -"H"-antigene en "Vi"-antigene deur agglutinering op 'n voorwerpglasie. Hou egter in gedagte dat nie net op die resultate van serologiese toetse gesteun moet word vir bevestiging nie en dat hierdie resultate saam met die resultate wat deur biochemiese bevestiging verkry is, beoordeel moet word.

8.10.8 *Vertolking van die resultate.*

(a) *Polivalente "O"-serum:*

(1) Indien die resultaat negatief is, is dit byna seker dat geen *Salmonella* teenwoordig is nie. Die enigste uitsondering is dat 'n kultuur 'n nuwe "O"-antigeen kan hê wat nog nie ingesluit is nie.

(2) Indien die resultaat positief is, is dit slegs 'n aanduiding dat die kultuur moontlik van die genus *Salmonella* kan wees.

(b) *Polyvalent "H" serum:*

(1) Where the result is negative, it is almost certain that no *Salmonella* is present. The only exception is that a culture might have a new, not yet included, "H" antigen.

(2) Where the result is positive consider the culture to be positive for *Salmonella*.

(c) *Anti-"Vi" sera:* Where results are positive consider the culture positive for *Salmonella*.

8.11 *SHIGELLA*.

8.11.1 *Detection:* Proceed as described in 8.10 for *Salmonella* but use the gram-negative medium (8.4.35) as selective enrichment medium and xylose lysine desoxycholate (XLD) agar (8.4.36) as diagnostic plating medium and, in both cases, incubate at 37 °C.

Colourless transparent colonies on XLD agar are suspect *Shigella* organisms. *Salmonella* sp and *Salmonella typhi* can also be detected with the use of XLD agar. In this way this method supplements the method described in 8.10.

8.11.2 *Confirmation:* Subject each suspect colony to the biochemical test described in 8.10.5 and serological tests as described in 8.10.7 and 8.10.8 but using polyvant anti-*Shigella* "O" serum (8.4.37).

8.11.3 *Interpretation of the results.*

Reaction	*Percentage of* Salmonella *types showing a positive reaction*
(1) Acid from glucose	100,0
(2) Gas from glucose	2,1
(3) Acid from lactose	0,2
(4) Acid from sucrose	0,6
(5) Hydrogen sulphide production	0,0
(6) Urease production	0,0
(7) Lysine decarboxylation	0,0
(8) Beta galactosidase production	38,3
(9) Voges-Proskauer reaction	0,0
(10) Indole reaction	30,6
(11) Oxidase reaction	0,0

8.12 *CLOSTRIDIUM:* Pasteurize 50 mℓ of the dispersion (8.5.2) by heating it in a water bath at 82–85 °C for long enough to maintain the temperature of the contents at 80 °C for 60 seconds. Under running tap water, quickly cool the heated dispersion to below 45 °C. Transfer 13 mℓ of the pasteurized dispersion to a bottle of the differential reinforced *Clostridium* medium (8.4.38) and incubate at 30 °C for 120 hours. Examine the contents at intervals for possible black coloration. Confirm the presence of anaerobes in cultures showing black coloration by subculturing on to plates of reinforced *Clostridium* agar (8.4.39), incubating these both aerobically and anaerobically at 30 °C for 48 hours, and examining for any colonies which develop. Consider the test positive if growth of colonies occurs on the anaerobic plate, and the aerobic plate shows scanty or no growth. If any clostridia are present, test them for catalase production. Where growth occurs both aerobically and anaerobically, resubculture suspect colonies from the anaerobic plate on to duplicate plates and repeat this process until the presence or absence of *Clostridium* organisms is confirmed. Where growth occurs anaerobically but not aerobically, flood the surface of the anaerobically incubated plate with the hydrogen peroxide solution (8.4.40). Consider the test for catalase production negative when no visible gas formation takes place within 10 minutes. Consider organisms that grow anaerobically, but grow weakly or not at all aerobically, and then give a negative catalase production test, to be members of the genus *Clostridium*.

(b) *Polivalente "H"-serum:*

(1) Indien die resultaat negatief is, is dit feitlik seker dat daar geen *Salmonella* teenwoordig is nie. Die enigste uitsondering is dat 'n kultuur 'n nuwe "H"-antigeen kan hê wat nog nie ingesluit is nie.

(2) Indien die resultaat positief is, beskou die kultuur as positief vir *Salmonella*.

(c) *Anti-"Vi"-serums:* Indien resultate positief is, beskou die kultuur as positief vir *Salmonella*.

8.11 *SHIGELLA*.

8.11.1 *Opsporing*. Gaan voort soos in 8.10 vir *Salmonella* maar gebruik die gram-negatiewe medium (8.4.35) as selektiewe verrykingsmedium en xiloselisiendesoksicholaat(XLD)-agar (8.4.36) as diagnostiese uitplatingsmedium en inkubeer, in albei gevalle, by 37 °C.

Kleurlose deursigte kolonies op XLD-agar is verdagte *Shigella*-organismes. *Salmonella* sp en *Salmonella typhi* kan ook deur die gebruik van XLD-agar opgespoor word. Op hierdie wyse vul hierdie metode die metode aan wat in 8.10 beskryf is.

8.11.2 *Bevestiging*. Onderwerp elke verdagte kolonie aan die biochemiese toetse wat in 8.10.5 beskryf is en aan die biologiese toetse wat in 8.10.7 en 8.10.8 beskryf is, maar gebruik polivalente anti-*Shigella*-"O"-serum (8.4.37).

8.11.3 *Vertolking van die resultate*.

Reaksie	*Persentasie* Salmonella-*tipes wat 'n positiewe reaksie toon*
(1) Suur van glukose	100,0
(2) Gas van glukose	2,1
(3) Suur van laktose	0,2
(4) Suur van sukrose	0,6
(5) Waterstofsulfiedvoortbringing	0,0
(6) Ureasevoortbringing	0,0
(7) Lisiendekarboksilering	0,0
(8) Beta-galaktosidasevoortbringing	38,3
(9) Voges-Proskauer-reaksie	30,6
(10) Indoolvoortbringing	0,0
(11) Oksidasereaksie	0,0

8.12 *CLOSTRIDIUM:* Pasteuriseer 50 mℓ van die verspreiding (8.5.2) deur dit lank genoeg in 'n waterbad by 82–85 °C te verhit om die temperatuur van die inhoud 60 sekondes lank by 80 °C te hou. Koel die verhitte verspreiding vinnig tot onder 45 °C af deur dit onder lopende kraanwater te hou. Plaas 13 mℓ van die gepasteuriseerde verspreiding oor na 'n bottel van die versterkte differensiële *Clostridium*-medium (8.4.38) en inkubeer 120 uur lank by 30 °C. Ondersoek die inhoud met tussenpose vir moontlike swart verkleuring. Bevestig die aanwesigheid van anaërobes in kulture wat swart verkleuring toon deur op plate van versterkte *Clostridium*-agar (8.4.39) te subkultuur en hulle aërobies sowel as anaërobies 48 uur lank by 30 °C te inkubeer en dan te ondersoek vir enige kolonies wat ontstaan. Beskou die toets as positief indien die groei van kolonies op die anaërobiese plaat voorkom en die aërobiese plaat min of geen groei toon nie. Indien enige klostridia aanwesig is, toets hulle vir katalasevoortbringing. Indien aërobiese en anaërobiese groei voorkom, hersubkultuur verdagte kolonies van die anaërobiese plaat op duplikaatplate en herhaal hierdie proses totdat die aanwesigheid of afwesigheid van *Clostridium*-organismes bevestig is. Indien daar anaërobiese maar nie aërobiese groei is nie, oorstroom die oppervlak van die anaërobies geïnkubeerde plaat met die waterstofperoksiedoplossing (8.4.40). Beskou die toets vir katalasevoortbringing as negatief indien daar nie binne 10 minute sigbare gasvorming plaasvind nie. Beskou organismes wat anaërobies groei, maar swak of glad nie aërobies groei nie en waarvan die resultate op die katalasevoortbringingstoets dan negatief is, as lede van die genus *Clostridium*.

8.13 PATHOGENIC *VIBRIO (VIBRIO CHOLERAE* AND *VIBRIO PARAHAEMOLYTICUS*

8.13.1 Within 30 minutes of preparing the dispersion of the sample (8.5.2), prepare two cultures, each consisting of 100 mℓ of the dispersion mixed with 100 mℓ of the double strength *Vibrio* enrichment medium (8.4.41). Incubate these cultures for 18–24 hours, one at 37 °C and the other at 42 °C. Without shaking the cultures, remove a loopful from the upper surface of each culture and streak each loopful on to a *Vibro* diagnostic agar plate (8.4.42) in such a way as to ensure the development of well isolated colonies. Invert the plates and incubate them for 18–24 hours at 37 °C.

8.13.2 Examine, in terms of the following characteristics, the incubated plates for the presence of *Vibrio* spp:

Description of colonies	*Colony diameter, mm*	*Presumptive identification*
Flat yellow and round	2–3	*Vibrio cholerae.*
Flat yellow and rond with blue-green centre.....	1–2	*V. parahaemolyticus.*
Flat yellow and round	4–6	*V. alginolyticus.*
Round blue.....	0,5–1	*Pseudomonas, Aeromonas.*
Transparent	0,1–0,5	*Proteus* or other enterobacteria.

Transfer suspect colonies to the lysine-indole-motility-hydrogen-sulphide agar (8.4.43) and to the urea agar (8.4.24) slopes, and incubate these cultures at 37 °C for 16–24 hours.

8.13.3 Examine the urea agar slopes, and if no urease has been produced, transfer some of the growth to a cytochrome oxidase test strip (8.4.22) and determine whether the colonies are cytochrome oxidase positive [8.10.5 (g)].

8.13.4 Also examine the lysine-indole-motility-hydrogen-sulphide agar cultures, and if the cultures show the following characteristics, regard them as presumptively positive for *Vibrio cholerae* or *Vibrio parahaemolyticus,* and send them to a recognized reference laboratory for further identification.

Characteristics:

(1) Motile.

(2) Indole positive.

(3) Lysine decarboxylated.

(4) Hydrogen sulphide *not* produced.

(5) Urease *not* produced.

(6) Cytochrome oxidase positive.

(7) Catalase positive.

8.14 TEST FOR EFFICACY OF CLEANING OF PLANT, EQUIPMENT AND UTENSILS.

8.14.1 *Sampling equipment.*

8.14.1.1 *Swabs.*

(a) *Preparation:* Prepare each swab by capping one end of a wooden rod, of length approximately 140 mm and diameter about 2 mm, with a rounded bud of absorbent cotton wool of mass 30–50 mg. Dip the bud of each swab into a beaker containing inactivator solution (8.4.44) and then place the swab in an individual plastics bag or other suitable container that is capable of withstanding the subsequent sterilizing without damage. Seal the containers and sterilize in an autoclave at 121 ± 2 °C for 20 minutes or by other acceptable means. Store the swabs in a cool dark place until used.

(b) *Absence of substances inhibiting growth of microorganisms:* Inoculate the surfaces of plate-count agar (8.4.3) the two similar petri dishes with—

8.13 PATOGENE *VIBRIO (VIBRIO CHOLERAE* EN *VIBRIO PARAHAEMOLYTICUS*).

8.13.1 Berei binne 30 minute nadat die verspreiding van die monster (8.5.2) berei is, twee kulture wat elk bestaan uit 100 mℓ van die verspreiding gemeng met 100 mℓ van die dubbelsterkte *Vibrio*-verrykingsmedium (8.4.41). Inkubeer hierdie kulture 18–24 uur lank, die een by 37 °C en die ander by 42 °C. Verwyder 'n ogievol van die oppervlak van elke kultuur en smeer elke ogievol op 'n diagnostiese *Vibrio*-agarplaat (8.4.42) op so 'n wyse dat dit die ontwikkeling van goed geïsoleerde kononies verseker. Keer die plate om en inkubeer hulle 18–24 uur lank by 37 °C.

8.13.2 Ondersoek die geïnkubeerde plate aan die hand van die volgende eienskappe vir die aanwesigheid van *Vibrio* spp:

Beskrywing van kolonies	*Koloniediameter, mm*	*Vermoedelik positiewe identifikasie*
Plat, geel en rond.....	2–3	*Vibrio cholerae.*
Plat, geel en rond met blougroen middel.....	1–2	*V. parahaemolyticus.*
Plat, geel en rond.....	4–6	*V. alginolyticus.*
Rond, blou	0,5–1	*Pseudomonas, Aeromonas.*
Deursigtig.....	0,1–0,5	*Proteus* of ander enterobakterieë.

Dra verdagte kolonies oor op lisien-indool-motiliteitwaterstofsulfiedagar (8.4.43) en op ureumagarskuinstes (8.4.24) en inkubeer hierdie kulture 16–24 uur lang by 37 °C.

8.13.3 Ondersoek die ureumagarskuinstes en dra, indien geen urease voortgebring is nie, sommige van die groei oor na 'n sitochroom-oksidasetoetsstrook (8.4.22) en bepaal of die kolonies positief [8.10.5 (g)] vir die sitochroomoksidase is.

8.13.4 Ondersoek ook die lisien-indool-motiliteit-waterstofsulfiedagarkulture en indien die kulture die volgende kenmerke toon, beskou hulle as vermoedelik positief vir *Vibrio cholerae* of *Vibrio parahaemolyticus* en stuur hulle vir verdere identifikasie na 'n erkende verwysingslaboratorium.

Kenmerke:

(1) Beweeglik.

(2) Indoolpositief.

(3) Lisien gedekarboliseer.

(4) Waterstofsulfied *nie* voortgebring nie.

(5) Urease *nie* voortgebring nie.

(6) Sitochroomoksidasepositief.

(7) Katalasepositief.

8.14 TOETS VIR DOELTREFFENDHEID VAN SKOONMAAK VAN INSTALLASIE, UITRUSTING EN GEREEDSKAP.

8.14.1 *Monsternemingsuitrusting.*

8.14.1.1 *Deppers.*

(a) *Voorbereiding:* Berei elke depper voor deur een ent van 'n houtstokkie wat ongeveer 140 mm lank is en 'n diameter van ongeveer 2 mm het met 'n ronde pluisie absorbeerwatte met 'n massa van 30–50 mg te bedek. Doop die pluisie van elke depper in 'n beker wat inaktiveerdervloeistof (8.4.44) bevat en plaas dan die depper in 'n afsonderlike plastieksakkie of ander geskikte houer wat die daaropvolgende sterilisering sonder beskadiging sal kan deurstaan. Verseël die houers en steriliseer 20 minute lank in 'n outoklaaf by 121 ± 2 °C of deur van enige ander aanneemlike middele gebruik te maak. Bewaar die deppers in 'n koel donker plek totdat hulle gebruik word.

(b) *Afwesigheid van stowwe wat die groei van mikroörganismes inhibeer:* Inokuleer die oppervlak van plaattelling-agar (8.4.3) in een petribakkie met *Escherichia coli* en die oppervlak in 'n soortgelyke bakkie met *Bacillus subtilis*

(i) *Escherichia coli;* and

(ii) *Bacillus subtilis,*

respectively, so that a heavy growth will be ensured.

Aseptically remove the buds of two swabs and immerse a bud in the agar in each of the dishes before it solidifies. Incubate the petri dishes at 35 °C ± 2 °C for 18 hours.

After incubation examine the dishes and regard the swabs as unsuitable if there is any sign of inhibition of growth of organisms around and under either of the swabs.

8.14.2 *Sampling procedure.*

8.14.2.1 *General:* Where possible sample at least 15 areas each of size 1 000 mm^2. Record the area, in square millimetres, of each surface to be sampled.

8.14.2.2 *Sampling with swabs:* Aseptically open a swab container, and if a plastics bag was used, open it on the side away from the cotton wool bud. Ensure that throughout the handling of a swab the fingers of the sampler do not touch the bud or the adjacent part of the stem. Vigorously rub the bud of the swab over the area to be sampled. While doing this, so rotate the swab as to bring the whole surface of the bud into intimate contact with the surface being sampled. Replace the swab in its contaner and if a plstics bag was used, reseal it. So mark the container, using a wax pencil or other suitable medium, as to identify it with the point sampled.

8.14.3 *Test procedure.*

8.14.3.1 *Testing of swabs.*

(a) *Rinse suspension:* Remove the swab from the container and break off the bud into a bottle of the peptone water (8.4.2) by using the neck of the bottle for leverage. Shake the bottle well. This rinse suspension is a 1 in 10 dilution of the sample.

(b) *Inoculation and incubation:* Under aseptic conditions place 1,0 mℓ of the rinse suspension in each of two petri dishes. To each petri dish add 15 mℓ of the plate-count agar (8.4.3) and mix the contents of the dish by gentle swirling. Place on a table and allow to set. Invert the petri dishes and incubate at 25 ± 2 °C for 48 hours.

(c) *Interpretation:* At the end of the incubation period count and record the number of bacterial colonies developed on both plates. Take five times this number as the number of viable bacteria on the test area sampled and, if necessary, correct to an area of 10 cm^2.

(d) *Test for the presence of faecal coliform bacteria:* Incubate the remainder of the rinse suspension [see (a) above] at 37 ± 2 °C for 6–8 hours. Then proceed as described in 8.8.1.

8.14.3.2 *Expression of the efficacy of cleaning and disinfection:* Allocate to each sample one of the symbols S, FS or US, in accordance with the viable bacteria count or the presence of faecal coliform bacteria, as follows:

Count	*Symbol*
(a) 0–15/10 cm^2	S (Satisfactory).
(b) 16–75/10 cm^2	FS (Fairly satisfactory).
(c) Over 75/10 cm^2, or presence of faecal coliform bacteria	US (Unsatisfactory).

$$\text{Then efficacy of cleaning, \%} = \frac{(2X + Y) \times 100}{2T}$$

where X = the number of S results
Y = the number of FS results
T = the total number of samples

sodanig dat digte groei verseker word. Haal die pluisies van twee deppers asepties uit en dompel 'n pluisie in die agar van elk van die bakkies voordat dit stol en inkubeer die petribakkies 18 uur lank by 35 ± 2 °C. Ondersoek die bakkies na inkubasie en beskou die deppers as onaanvaarbaar as daar enige teken van inhibering van groen van organismes om en onder enigeen van die deppers is.

Inokuleer die oppervlaktes van plaattellingagar (8.4.3) in twee soortgelyke petribakkies met (a) *Escherichia coli* en (b) *Bacillus subtilis* onderskeidelik, sodat 'n digte groei verseker word.

8.14.2 *Monsternemingsprosedure.*

8.14.2.1 *Algemeen:* Neem waar moontlik monsters van minstens 15 oppervlakke, elk met 'n oppervlakte van 1 000 mm^2. Teken die oppervlakte in vierkante mm aan van elke oppervlak waarvan 'n monster geneem gaan word.

8.14.2.2 *Monsterneming met deppers:* Maak 'n depperhouer asepties oop en indien 'n plastieksakkie gebruik is, maak dit aan die teenoorgestelde kant as die wattepluisie oop. Maak seker dat die vingers van die monsternemer nie aan die pluisie of die aanliggende deel van die steel raak nie. Vryf die pluisie van die depper heftig oor die deel waarvan 'n monster geneem moet word en draai, terwyl dit gedoen word, die depper op so 'n wyse dat dit die hele oppervlak van die pluisie in noue aanraking bring met die oppervlak waarvan 'n monster geneem word. Plaas die depper terug in sy houer en herverseël dit indien 'n plastieksak gebruik is. Gebruik 'n waspotlood of geskikte middel om die houer so te merk dat dit met die punt waarvan die monster geneem is, in verband gebring word.

8.14.3 *Toetsprosedure.*

8.14.3.1 *Toets van deppers.*

(a) *Spoelsuspensie:* Verwyder die depper uit die houer en breek die pluisie af in 'n bottel met peptoonwater (8.4.2) deur die nek van die bottel vir hefboomwerking te gebruik. Skud die bottel goed. Hierdie spoelsuspensie is in 'n 1:10-verdunning van die monster.

(b) *Inokulasie en inkubasie:* Plaas in aseptiese toestande 1,0 mℓ van die spoelsuspensie in elk van twee petribakkies. Voeg 15 mℓ van die plaattellingagar (8.4.3) by elke petribakkie en meng die inhoud van die bakkie deur dit liggies te werwel. Plaas op 'n tafel en laat stol. Keer die petribakkies om en inkubeer 48 uur lank by 25 ± 2 °C.

(c) *Vertolking:* Tel aan die einde van die inkubasietydperk die getal bakteriekolonies wat op albei plate ontwikkel het en teken dit aan. Neem vyf maal hierdie getal as die getal lewensvatbare bakterieë op die toetsoppervlakte waarvan 'n monster geneem is en korrigeer, indien nodig, tot 'n oppervlakte van 10 cm^2.

(d) *Toets vir die teenwoordigheid van fekale kolivormige bakterieë:* Inkubeer die res van die spoelsuspensie [Kyk (a) hierbo] 6–8 uur lank by 37 ± 2 °C. Gaan dan voort soos in 8.8.1 beskryf word.

8.14.3.2 *Uitdrukkingswyse vir die doeltreffendheid van skoonmaak en ontsmetting:* Ken soos volg aan elke monster een van die simbole B, RB of ONB toe volgens die telling van die lewensvatbare bakterieë of die teenwoordigheid van fekale kolivormige bakterieë:

Telling	*Simbool*
(a) 0–15/10 cm^2	B (Bevredigend).
(b) 16–75/10 cm^2	RB (Redelik bevredigend).
(c) Meer as 75/10 cm^2, of teenwoordigheid van fekale kolivormige bakterieë.....	ONB (Onbevredigend).

$$\text{Dan is skoonmaakdoeltreffendheid, \%} = \frac{(2X+Y)\times 100}{2T}$$

waar X = die getal B-resultate
Y = die getal RB-resultate
T = die totale getal monsters

No. 196 **1 February 1985**

IMPORT AND EXPORT CONTROL ACT, 1963

I, Dawid Jacobus de Villiers, Minister of Trade and Industry, hereby, in terms of section 2 of the Import and Export Control Act, 1963 (Act 45 of 1963), make the regulations contained in the Schedule hereto.

D. J. DE VILLIERS, Minister of Trade and Industry.

SCHEDULE

1. In view of the statement by the President of the United States of America (U.S.A.) on 18 September 1984 to the effect that the U.S.A. was to stabilise imports of certain steel products, a steel export arrangement was agreed upon between the Government of the Republic of South Africa and the Government of the U.S.A. on 18 January 1985. This arrangement replaces the arrangement as contained in Government Notice R. 1208 published in the *Gazette*, dated 15 June 1984, with retrospective effect from 1 October 1984. The arrangement will be valid for a period of five years and, with a view to controlling exports of those steel products to which it applies, will be divided into the following control periods:

(a) An initial period of 15 months from 1 October 1984 to 31 December 1985.

(b) Three consecutive calendar years ending on 31 December 1986, 1987 and 1988.

(c) A final period of nine months from 1 January 1989 to 30 September 1989.

2. From 1 October 1984 to 31 December 1985 the categories of steel listed below may be exported to the U.S.A. in quantities the totals of which do not exceed the tonnages given below in respect of each category.

	Metric tons
Hot-rolled sheets and strips (including stainless)	66 816
Cold-rolled sheets and strips (including stainless)	60 100
Other sheets and strips	58 249
Plate (including stainless)	58 874
Structurals	83 203
Wire rod	13 224
Reinforcing bar	10 035
Other bar	3 172
Pipe and tube	55 299
Wire and wire products (including stainless steel, round)	27 500
Semi-finished steel products (blooms, billets and slabs)	113 398

The quotas for the various categories of steel products will be determined annually and adjusted periodically on the basis of the projected consumption of these various categories in the U.S.A. over a particular control period.

3. The following export documents will be required from 1 February 1985 for each consignment of export products that fall into no more than one of the above categories:

(a) An export permit issued by the Import and Export Control Branch of the Department of Trade and Industry containing the following particulars:

— The South African customs tariff heading(s) under which the product(s) is/are classifiable.

— The heading(s) in the Tariff Schedules of the United States Annotated (TSUSA) under which the product(s) is/are classifiable.

— The tonnage for which export authorisation has been granted.

— A provision that the authorised export must take place within three months of the date of the authorisation of such export.

— A declaration that the exports concerned are destined solely for the U.S.A.

No. 196 **1 Februarie 1985**

WET OP IN- EN UITVOERBEHEER, 1963

Ek, Dawid Jacobus de Villiers, Minister van Handel en Nywerheid, vaardig hierby kragtens artikel 2 van die Wet op In- en Uitvoerbeheer, 1963 (Wet 45 van 1963), die regulasies uit wat in die Bylae hiervan vervat is.

D. J. DE VILLIERS, Minister van Handel en Nywerheid.

BYLAE

1. Na aanleiding van die President van die Verenigde State van Amerika (V.S.A.) se verklaring op 18 September 1984 dat die invoer van sekere staalprodukte deur die V.S.A. gestabiliseer sou word, is 'n staaluitvoerooreenkoms deur die Regering van die Republiek van Suid-Afrika met die Regering van die V.S.A. op 18 Januarie 1985 afgesluit. Die ooreenkoms vervang met terugwerkende krag vanaf 1 Oktober 1984 die ooreenkoms soos vervat in Kennisgewing R. 1208 in die *Staatskoerant* van 15 Junie 1984. Die ooreenkoms sal vir 'n tydperk van vyf jaar van toepassing wees en sal, met die oog op die beheer van die uitvoer van die staalprodukte waarop dit van toepassing is, in die volgende beheertydperke ingedeel wees:

(a) 'n Aanvangstydperk van 15 maande vanaf 1 Oktober 1984 tot 31 Desember 1985.

(b) Drie opeenvolgende kalenderjare eindigende op 31 Desember 1986, 1987 en 1988.

(c) 'n Eindtydperk van nege maande vanaf 1 Januarie 1989 tot 30 September 1989.

2. Vanaf 1 Oktober 1984 tot 31 Desember 1985 kan die kategorieë van staalprodukte hieronder vermeld na die V.S.A. uitgevoer word in hoeveelhede waarvan die totale nie die tonnemaat wat hieronder ten opsigte van elke kategorie genoem word, mag oorskry nie:

	Metrieke ton
Warmgewalste fynplaat en band (insluitende vlekvrye staal)	66 816
Koudgewalste fynplaat en band (insluitende vlekvrye staal)	60 100
Ander fynplaat en band	58 249
Grofplaat (insluitende vlekvrye staal)	58 874
Struktuurprofiele en -produkte	83 203
Walsdraad	13 224
Wapeningstawe	10 035
Ander stawe	3 172
Pype en buise	55 299
Draad en draadprodukte (insluitende vlekvrye staal, rond)	27 500
Halfvoltooide produkte (voorblokke, knuppels en platblokke)	113 398

Die kwotas vir die verskillende kategorieë van produkte word jaarliks bepaal en periodiek aangepas op grond van die geprojekteerde verbruik in die V.S.A. van die verskillende kategorieë van staalprodukte oor die betrokke beheertydperke.

3. Die volgende uitvoerdokumentasie word vanaf 1 Februarie 1985 ten opsigte van elke uitvoerbesending van produkte wat onder nie meer as een van die bogenoemde kategorieë ressorteer nie, verlang:

(a) 'n Uitvoerpermit uitgereik deur die Tak Invoer- en Uitvoerbeheer van die Departement van Handel en Nywerheid wat die volgende besonderhede bevat:

— Die Suid-Afrikaanse Doeanetariefitem(s) waaronder die produk(te) indeelbaar is.

— Die item(s) van die "Tariff Schedules of the United States Annotated (TSUSA)" waaronder die produk(te) indeelbaar is.

— Die tonnemaat waarvoor uitvoermagtiging verleen word.

— 'n Bepaling dat die gemagtigde uitvoer binne drie maande vanaf die datum van die magtiging van die uitvoer, moet plaasvind.

— 'n Verklaring dat die betrokke uitvoer uitsluitlik vir die VSA bestem is.

(b) An export certificate (Schedule A) containing the following particulars:

— South African and U.S.A. customs tariff headings, as in the case of the export permit.

— A description of the export product(s).

— The tonnage exported.

— A stamp of the office of the Commissioner of Customs and Excise with the date, month and year of clearance for export.

